2·89

MATIELAND

DEELTITEL WOONSTELLE VANAF SLEGS R51 750

AKKERHOF

STUDENTE-OORD STELLENBOSCH

IN DIE HART VAN STELLENBOSCH. IDIAAL VIR STUDENTE EN JONG MENSE

SWEMBAD

BRAAIGERIEWE

RESTAURANT

- EENMANS
- EEN SLAAPKAMER
- TWEE SLAAPKAMERS
- WOONSTELLE MAKLIK VERHUURBAAR
- TONTO EIENDOMME BESKIKBAAR VIR VERHURING

AAN: TONTO EIENDOMME, POSBUS 2371
DENNESIG 7601, TEL.(02231) 5409

Stuur my asseblief besonderhede van u unieke aanbod van woonstelle

Van & Voorletters:_____

Pos Adres: _____

_____

Tel: _____ Poskode: _____

Hoof-Koördinerende Bemarkers

TONTO EIENDOMME

Deelnemende Agentskappe:

BOLAND BANK
EIENDOMME EN AFSLAERS
TEL. N/U (02231) 4400

Coetzenburg
EIENDOMSAGENTE
PROPERTY AGENTS (L.I.E.)
Dorpstraat 158 Stellenbosch 7600
Tel.: (02231) 70922 Na Ure: 70837
74139,79021, 71950

Le Roux Hugo
KERKSTRAAT 36
Stellenbosch
PLASE HUISE
& BESIGHEDE
TEL. (02231)-71229

C.L. MARK
(EDMS) BPK.
TEL. (02231)-71205

EIKESTAD
Eiendomsagente, Dorpstraat 107, Stellenbosch 7600. (02231)-75003

ISSN 0025-5947

Inhoud

2:89
Jaargang 33

MATIELAND

Redaksioneel 3
Fokus op 3
Prof. De Vries vir nog 'n termyn aangestel 4
US dra baie by tot eerste SA superrekenaar 5
Semistiek-kenners byeen 6
Verslag weerspieël navorsingsgroei 6
Eerstejaars se akademiese gehalte nog hoër 7
Identiese tweeling in een jaar albei primarias 7
Tygerberg nader ideaal van 'n eie sentrum 8
Robotte 'besluit al amper self' 9
Grant can help to promote dialogue 10
Houtkunde kry beeldontleder 11
Kliniese sielkundiges hoor van professie se knelpunte ... 12
Varknavorsing: US-geriewe nou van die beste 12
Reuse-kunsversameling permanent na US 14
1988-uitgawe was R141,27 miljoen 14
Nuwe werk oor idiome 15
Vierde plegtigheid kom in Desember 16
Zoeloe-vrou geniet unieke M-kursus 16
Nasionale simposium oor voedselbestraling 17
Veertien van 20 Kaaplandse top-A-matrikulante kies US 18
Gewilde ingenieursweek lok 200 skoliere 19
Vyf en vyftig beurswenners spog met 'n 90%-gemiddelde 19
Taiwanese Ph.D. student and wife at Stellenbosch 20
Koorleier terug van intensiewe studiereis in Europa 21
Bevorder en aangestel 22
Twee ereprofessore vir vanjaar 23
Die Stellenbosse Regsfakulteit, 1920-1989 25
Prof. A.P. Grové lewer 2de Opperman-gedenklesing 28
Expertise in home economics 29
In memoriam 30
Stellenbosch in September: Kunsfees bied weer baie 31
Reünies in Noord- en Oos-Transvaal 32
Oud-Matie-paar se vyf seuns studeer gelyk op Stellenbosch 35
Natuurstigting se baas het noue bande met US 36

Voorblad: *Dié twee meisies wat hier in die tuin by die koshuis Nemesia ontspan, het 'n seldsame onderskeiding behaal: Lizette Tolken (agter) en haar suster, Adéle, is 'n identiese tweeling wat vanjaar elk primaria van 'n US-koshuis was. Lees die berig op bl. 7.*
Foto: Antenie Carstens

Redakteur: Hans Oosthuizen

Redaksiekantoor: Departement Ontwikkeling en Skakeling, Universiteit van Stellenbosch, 7600 Stellenbosch
Tel. (02231) 774633/774851

Matieland word drie keer per jaar uitgegee vir oud-studente en donateurs van die Universiteit van Stellenbosch.

Gedruk deur Nasionale Boekdrukkery

Robot-prestasie bl. 9

Kunsversameling bl. 14



Slimste slimkoppe bl. 18

Vyf Matie-broers bl. 35

"EK IS SO TROTS

Gradedag was 'n dag wat ek altyd sal onthou.

Ons het gewonder hoe ons die kinders deur universiteit gaan kry, want universiteitsopleiding is ontsettend duur. Ek het vir my man gesê: "Hier moet ons 'n plan maak." En hy het — hy's reguit na Boland Bank. . . Glo my vry — hulle Doelwitspaarplan, verder versterk deur boedelbeplanning en versekering in te sluit, het die knoop vir ons deurgehak. *En kyk nou!!* Daarom will ek met my hele hart Boland bedank — Boland Bank."

EN VIR U DROME, U TOEKOMS, WIE GAAN U BEDANK?

BOLAND BOLAND BANK BPK.

BOLAND BANK GEREGISTREERDE ALGEMENE BANK

HEDLEY BYRNE NATIONAL 8453

Gehalte-groei en studente se akademiese potensiaal

DIE AKADEMIESE gehalte van die Universiteit lê tot 'n groot mate opgesluit in die akademiese potensiaal van sy studente – soos wat onder meer deur die skooleindresultate van die eerstejaars weerspieël word.

Hiervolgens het die akademiese gehalte van die eerstejaar-Maties in die afgelope jare steeds toegeneem – met vanjaar altesaam 15,2% wat 'n gemiddelde A-simbool (minstens 80%) in hul matriekeindeksamens behaal het, 26,8% met 'n B-gemiddeld en 77,6% wat minstens 'n C-gemiddeld (60%) en hoër behaal het.

Dat die US as akademiese instelling hoog aangeslaan word deur studente met 'n hoë akademiese potensiaal, blyk ook vanjaar onder meer uit die feit dat 14 van die Kaaplandse Onderwysdepartement se 20 top-A-matrikulante in verlede jaar se eindeksamen, besluit het om op Stellenbosch te studeer. Dit sluit dié met die eerste twee plekke, asook een wat die derde plek deel, in.

Leierskap onder die studente-inname blyk daaruit dat 211 van vanjaar se 2 604 eerstejaars die hoofmeisies of -seuns van hul skole was.

Dit is verblydend dat die Universiteit se verklaarde strewe van die afgelope aantal jare om in gehalte – eerder as getalle – aan te hou groei, steeds gereflekteer word in die leiers- en, veral, akademiese potensiaal van die Maties.

Fakulteit se statuur nog verder verhoog

TWEE ONLANGSE prestasies op navorsingsgebied in die Fakulteit Ingenieurswese (waaroor op bll. 5 en 9 berig word) het dié fakulteit se statuur nog verder verhoog:

Die gerekenariseerde robotstelsel wat deur die Sentrum vir Robotika ontwikkel is, is waarskynlik die eerste in sy soort ter wêreld.

Ook die superrekenaar (die eerste van sy soort in die land) het gespruit uit navorsing wat in die afgelope vyf jaar in die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, Departement Toegepaste Wiskunde en Buro vir Stelselingenieurswese, asook deur Oud-Matie-ingenieurs van die WNNR, gedoen is. Dit plaas Suid-Afrika in sekere opsigte op 'n gelyke vlak met die voorste rekenaartegnologie ter wêreld. □

Fokus op . . .

MNR. SALIE DE SWARDT, 'n Oud-Matie wat vroeër vanjaar die hoofredakteurstoel ingeneem het by die grootste Afrikaanse dagblad, Beeld – 'n Johannesburgse oggendkoerant met 'n sirkulasie van meer as 100 000.

Ná matriek op Humansdorp behaal Salie de Swardt BA (1966) en 'n honneursgraad in geskiedenis vroeg in 1968 op Stellenbosch. Sy joernalistieke loopbaan begin in dié jaar in Kaapstad by Die Burger, waaraan hy tot 1973 verbonde was.

Die Effektebeurs beleef in die laat sestigerjare sy reuse-opbloei en -insinking, wat die jong koerantman laat besluit het "dat ek myself 'n beter agtergrond in die ekonomiese verslaggewing moes gee." Hy skryf dus in 1970 by die US se buitemuurse afdeling in Bellville in om B.Econ. deeltyds te volg.

Van die volgende drie jaar onthou hy nog goed hoe hard hy gewerk het. As oggendblad-redaksielid was hy meestal saans aan diens, en moes hy dus by die Universiteit toestemming kry om sommige lesings soggens op Stellenbosch en die ander saans in Bellville by te woon.

"Boonop het ek Saterdae, die enigste dag wat ek nie by Die Burger aan diens was nie, deeltyds vir Rapport gewerk. Ek het net elke tweede week 'n dag vry gehad – en dan moes ek studeer!

Hy het dié graad in 1973 behaal. Van



Mnr. De Swardt.

Januarie 1974 was hy vir 'n halfjaar op Stellenbosch die redakteur van Tegniek, wat destyds deur 'n aantal groot Afrikaanse sake-instellings uitgegee is. Toe is Beeld gestig en hy word assistent-finansredakteur in die blad se eerste redaksie. In 1976 word hy die finansredakteur en in 1978 assistent-redakteur.

Met die sakeblad Finansies & Tegniek se ontstaan in 1984 is mnr. De Swardt as eerste redakteur aangewys – 'n pos wat hy beklee het tot hy Beeld-hoofredakteur geword het.

Nadat hy in 1977 die Sanlam-toekenning as finansiële verslaggewer van die jaar ontvang het, was hy ook verlede jaar die wenner van die FAK se Bill Venter-prys vir Afrikaanse ekonomiese joernalistiek.

'n Beurs is aan hom toegeken om in 1982-'83 as Ussalep-student vir 'n jaar aan die Harvard-universiteit te studeer. Hy kon onder meer aan die beroemde Harvard-sakeskool klasse bywoon en aan die ewe beroemde MIT (Massachusetts Institute of Technology) moderne kommunikasietegnieke, oor onderwerpe soos kabeltelevisie, bestudeer.

Salie de Swardt is in 1968 met Hannelise van Heerden getroud. Hulle het mekaar as Maties ontmoet. Sy het B.Sc. en SOD op Stellenbosch behaal en is 'n derdegeslag-Matie wie se oupa, wyle ds. E.G. Malherbe, wat 33 jaar op Villiersdorp predikant was, reeds 'n Oud-Matie was.

Mev. De Swardt se ma, mev. Babsie van Heerden, ook 'n Oud-Matie, wat op 'n plaas naby Stellenbosch bly, se twee broers en twee susters was ook almal Oud-Maties. Een van die broers was die bekende prof. E.G. Malherbe, wat rektor van die Universiteit van Natal was.

Ook mev. De Swardt se suster, prof. Leonie van Heerden van die US se Departement Huishoudkunde, hul broer, Chris, 'n ingenieur, en mnr. De Swardt se broer, Natie, 'n diplomaat, is almal Oud-Maties.

Geskiedenis kan volgende jaar gemaak word as die De Swardts se dogter Liesel (18), 'n vierdegeslag-Matie word. Sy is in die Leërkollege op George en wil 'n handelskursus aan die US volg. Mnr. De Swardt-hulle het nog twee kinders, Stephan (17) en Susan (12). □

Prof. De Vries vir nog 'n termyn aangestel

Die Rektor en Vise-kanselier, prof. M.J. (Mike) de Vries, is vir 'n verdere vyfjaar-termyn tot die middel van 1994 in dié amp heraangestel. Hy beklee die rektorskap reeds die afgelope tien jaar en die vise-kanselierskap sedert 1981.

Hy is die eerste US-rektor wat terselfdertyd vise-kanselier is. Ná die dood van dr. J.S. (Kosie) Gericke, wat sedert 1953 vise-kanselier was, is dié amp ook aan prof. De Vries opgedra, soos wat dit by die meeste ander universiteite die gebruik is.

Prof. De Vries is reeds vanaf 1961 aan die Universiteit verbonde, aanvanklik as dosent in chemie, later as Natuurwetenskappe-dekaan en vanaf 1976 as (destyds nog die enigste) vise-rektor.

Hy is 'n Oud-Matie wat M.Sc. op Stellenbosch behaal het voor hy 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Freiburg in Wes-Duitsland verwerf het.

Die Staatspresident en uitgetrede US-Kanselier, mnr. P.W. Botha, het die Orde vir Voortreflike Diens, Klas 1: Goud, vroeër vanjaar aan prof. De Vries toegeken.

Kort nadat prof. De Vries rektor geword het, het hy 'n uitgebreide buitelandse waarnemingsbesoek aan onder meer Britse en Amerikaanse universiteite gebring. Hy beoog 'n besoek aan Brittanje in Oktober vanjaar, om by universiteite en ander instansies samesprekings oor allerlei aspekte van universiteitsonderwys te voer. □

Orde vir Voortreflike Diens

Proff. Mike de Vries, Rektor en Vise-kanselier, en Charles Fensham, afgetrede hoof van die Departement Semitiese Tale, is onlangs in Kaapstad deur pres. P.W. Botha met die Orde vir Voortreflike Diens in die goudklas vereer. 'n US-Raadslid, mnr. Marius de Waal, voorsitter van die Nywerheid-Ontwikkelingskorporasie, en Oud-Matie prof. H.L. Gonin, 'n afgetrede Latyn-dosent van Pretoria, is ook met dié orde in die goudklas vereer. Prof. Fensham is sedertdien skielik oorlede.

Altesaam 56 Suid-Afrikaners het by dié geleentheid hoë toekennings ontvang – 22 van hulle die Orde vir Voortreflike Diens: Goud, vir hul uitsonderlike prestasies aan die samelewing.

Prof. De Vries is vereer vir sy bydrae as chemikus en akademikus, en vir die feit dat hy hom onderskei het deur sy bestuur van een van die grootste Afrikaanse universiteite.

Prof. Fensham het internasionale aansien geniet op die gebied van die Semitiese tale, en is vereer vir sy bydrae op die gebied van die Ou Testamentiese teologie. Hy het ook 'n belangrike bydrae tot Bybelvertaling gelewer.

Die Orde vir Voortreflike Diens: Goud, is ook toegeken aan dr. John Maree, voorsitter van Eskom, 'n US-eregraduandus, en dr. Chris Garbers, president van die WNNR, 'n voormalige chemie-dosent aan die US, asook ds. Gerrit van der Merwe, hoofsekretaris van die Bybelgenootskap en 'n Oud-Matie. Dr. P.G.S. Neethling, wat die Orde in die silwerklas ontvang het, is 'n lid van die Raad van Trustees van die US se Eeufeestrustfonds en Stellenbosch 2000. Nog 'n Oud-Matie, genl.-maj. J.A. van Zyl, voormalige kapelaan-generaal van die Weermag het die Orde van die Ster van Suid-Afrika, nie-militêr, Groot kruis (goud) ontvang.

Foto bo: Prof. De Vries en mev. Renée de Vries by die toekenningsplegtigheid saam met hul dogters, mej. Michelle de Vries (heel links) en mev. Lize van Dyk (heel regs). Onder ontvang prof. Fensham sy medalje van pres. Botha. Foto's: Die Burger

Dosent in Reëlsraad

PROF. HENNIE ERASMUS van die Departement Privaatreg en Romeinse Reg is as een van die twee akademiese lede in die Reëlsraad vir Geregshowe aangestel. 'n Oud-Matie, appèlregter Werner Viviers, is die voorsitter daarvan.

Die raad bepaal of wysig die reëls vir gedinge in landdros- en hooggeregshowe.

Prof. Erasmus.

US dra baie by tot 1e SA superrekenaar

Die Fakulteit Ingenieurswese was baie nou betrokke by die ontwikkeling van 'n superrekenaar – die eerste van sy soort in Suid-Afrika – wat onlangs deur die WNNR aan die Universiteit verskaf is. Dit word vir navorsing en opleiding gebruik.

Navorsing wat in die afgelope vyf jaar op dié gebied in die US se Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, saam met die Departement Toegepaste Wiskunde en die Buro vir Stelselingenieurswese asook Oud-Matie-ingenieurs van die WNNR, gedoen is, plaas Suid-Afrika in sekere opsigte op 'n gelyke vlak met die voorste rekenaartegnologie ter wêreld.

Vir sekere spesifieke take verskaf die superrekenaar 'n vermoë wat sowat 80 keer kragtiger is as waaroor die Universiteit tot dusver beskik het – en meer as 30 keer meer as die vermoë van byvoorbeeld 'n tipiese rekenaar wat tans deur van die grootste versekeringsmaatskappye in die land gebruik word. Dit is heelwat meer as die totale gesamentlike vermoë van al die sentrale rekenaars by al die universiteite in Suid-Afrika.

Die totale koste van die superrekenaar is vir die Universiteit ongeveer R750 000 – teenoor die beraamde nagenoeg R60 miljoen wat dit sou kos as 'n soortgelyke superrekenaar uit Amerika aangekoop moes word.

Prof. Jan du Plessis, hoogleraar in rekenaar- en beheerstelsels in die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, sê met die superrekenaar kan tot 64 uiteenlopende navorsingsprogramme gelyktydig op dieselfde getal verwerkers gebruik word. Die rekenaars wat tot dusver algemeen in Suid-Afrika gebruik word, kan net een program per keer hanteer.

Navorsing

Die superrekenaar – wat teen die einde van Julie op Stellenbosch in gebruik geneem is – se totale vermoë is 640 miljoen instruksies per sekonde. Behalwe vir navorsing in 'n wye verskeidenheid van departemente en navorsingsinstansies aan die US, sal dit ook vir ingenieurstudente se opleiding aangewend word.

Vir US-navorsers hou dit ingrypende voordele in. Hulle kan nou uitgebreide soektogte na inligting in 'n ommesientjie uitvoer. Boonop kan dit gelyktydig deur 'n groot getal navorsers oral op die kampus, in uiteenlopende studievelde soos ingenieurswese, fisika, chemie en polimeerwetenskap gedoen word. Sowat 1 000 studente in allerlei studierigtings sal ook periodiek die rekenaar kan gebruik.

Prof. Du Plessis beklemtoon dat 'n nuwe benadering tot rekenaargebruik nou by US-navorsers aangemoedig word, omdat die nuwe tegnologie wat by die superrekenaar gebruik is, berus op sg. parallelnumeriese (d.w.s. gelyklopende) verwerking. Dit kom daarop neer dat 'n aantal verwerkers parallel (in plaas van in sekwensie) geskakel is.

'n Geslaagde toepassing van hierdie tegnologie is die transputer, waarop die nuwe superrekenaar gebaseer is. In leketaal is 'n transputer 'n kragtige rekenaar op 'n mikro-elektroniese skyfie so groot as 'n vuurhoutjiedosie.

"So 'n transputer kan tot tien miljoen instruksies per sekonde uitvoer," sê prof. Du Plessis, wat die inisiatief geneem het om navorsing en ontwikkeling op transputergebied in die afgelope vyf jaar aan die Universiteit gemotiveer en gevestig te kry.

Transputerkaarte wat deur die US se Instituut vir Elektronika ontwerp en deur die Sentrum vir Elektroniese Dienste gebou is, is reeds aan nywerhede, ander universiteite en die WNNR verskaf.

Volgens prof. Du Plessis het die US in dié opsig die leiding in Suid-Afrika geneem. Oud-Maties wat in hierdie opwindende studieveld op Stellenbosch opgelei is, was verantwoordelik vir 'n reeks transputer-gebaseerde superrekenaars wat in die WNNR se divisie vir mikro-elektronika en kommunikasie-tegnologie (DMKT) ontwikkel is.

Die grootste hiervan wat in bedryf gestel is, is die superrekenaar wat nou by die US geïnstalleer is. Die DMKT ontwikkel steeds programmatuur en apparatuur vir dié masjiene in samewerking met die Universiteit.

Die hoofkenmerke van die MC²/64-masjien wat by die US geïnstalleer is, is volgens prof. Du Plessis "die vriendelike gebruikers-koppelvlak daarvan en sy integrasie in 'n PR-omgewing." Die rekenaar sal aanvanklik voorsiening maak vir 64 parallelle verwerkers, as 'n eenheid verpak, met 'n totale vermoë van 640 miljoen instruksies per sekonde.

Hy sê in Brittanje is die eerste superrekenaar, soortgelyk aan die een op Stellenbosch, slegs verlede jaar by die Londense aandelebeurs in gebruik geneem. Die beurs beskik nou oor so 'n superrekenaar met 256 verwerkers.

Dit is wêreldwyd 'n nuwe veld. Die navorsing en ontwikkeling wat by die Universiteit en die WNNR gedoen is, verseker dat Suid-Afrika tot dusver nie agter gebly het nie, sê prof. Du Plessis.

Die Universiteit se besluit om 'n sentrum van kundigheid op transputergebied op te bou, het die US, saam met die WNNR, 'n leier op dié terrein in Suid-Afrika gemaak, sê prof. Mike de Vries, die Rektor en Vise-kanselier.

Dit bevestig die Universiteit se doelwit om net die beste rekenaartoerusting aan sy navorsers beskikbaar te stel, sê prof. Kobus Meij, Direkteur van Informasietegnologie.

Prof. Christo Viljoen, Dekaan van Ingenieurswese, en vorige hoof van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, beskou die navorsing as uiters noodsaaklik vir Suid-Afrika se beoogde ruimteprogram wat onlangs deur die Minister van Nywerheid en Tegnologie, mnr. Danie Steyn – 'n oudstudent van die US-Ingenieursfakulteit – aangekondig is. □



Prof. Du Plessis (middel) saam met mnre. Sias Mostert en Pieter Bakkes, almal van die Afdeling Rekenaarstelsels in die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, met 'n transputerkaart, links. Hulle was verantwoordelik vir die ontwikkeling van die belangrikste transputerkaarte wat in die nuwe superrekenaar gebruik word.

Semistiek-kenners byeen

By die onlangse Savsem-kongres op Stellenbosch was, AGTER: prof. T.J.D. Bothma van Unisa, sekretaris van die vereniging, en dr. P.A. Kruger van die US, wat die kongresorganiseerder was. VOOR: proff. S.H. Haq Nadvi van die Universiteit van Durban-Westville, een van die agt Moslem-geleerdes wat die kongres bygewoon het, J.A. Naudé van die Randse Afrikaanse Universiteit, waarnemende voorsitter van Savsem, en H.J. Dreyer van Unisa, die redakteur van Journal of Semitics.

DIE TWEEDE jaarlikse kongres van Savsem, die Suider-Afrikaanse Vereniging van Semistiek, is in die tweede kwartaal by die Universiteit gehou. Dit is deur die US se Departement Semitiese Tale en Kulture aangebied. Prof. Walter Claassen, die departementshoof, is landwye voorsitter van die vereniging, wat in 1987 gestig is.

Altesaam 69 geleerdes van oor die hele Suid-Afrika en Suidwes-Afrika/Namibië was by vanjaar se kongres. Daar is 42 referate gelewer en drie werkwinkels aangebied. Die kongresbydraes word ook gepubliseer in *Journal of Semitics*, die vereniging se eie vaktydskrif. Dit het vroeër vanjaar die eerste keer verskyn.

Savsem bevorder studie en navorsing in die semistiek op die terrein van die taal- en letterkunde, kultuur, godsdiens en geskiedenis. Semistiek is die studie van die ou Midde-Oosterse beskawings soos Egipte, Mesopotamië, Iran, Arabië, Sirië en Palestina. Daar is 'n toenemende belangstelling in die studie van die ouer kulture en die vereniging stel hom ten doel om dit te stimuleer. □

Verslag weerspieël navorsingsgroei

Die omvang van navorsingsuitsette in die Universiteit se nagenoeg 140 akademiese departemente asook 30-tal navorsingsinstitute, -buro's, -sentra en -eenhede toon elke jaar 'n bemoedigende groei. "Die sukses van die US se onderrig- en navorsingsbeleidsrigtings word onder meer weergegee deur die groot getal wetenskaplike referate wat US-personeellede verlede jaar op nasionale en internasionale vakkongresse gelewer het."

Só sê prof. Serf Kritzinger, Direkteur van Navorsing, na aanleiding van die derde omvattende US-navorsingsverslag wat vroeg vanjaar uitgegee is. Dit bevat volledige besonderhede oor al die voltooide en lopende navorsing van 1988.

Behalwe navorsing, weerspieël die verslag ook die opleiding van hoëvlakmannekrag, soos blyk uit die feit dat daar verlede jaar ongeveer 500 meesters- en 1 000 doktorsgraadstudieprojekte aan die gang was.

Prof. Kritzinger sê die verslag is ook 'n belangrike inligtingsbron vir die Universiteitsbestuur. "Met die verloop van jare kan 'n patroon geïdentifiseer en ontleed word, omdat elke jaar se navorsingsinligting in verskillende kategorieë in die verslag weergegee word:"

Die kategorieë is vaktydskrifartikels, gepubliseerde verrigtinge van kongresse, referate wat voorgedra is, boeke vir die vakspesialis, hoofstukke in boeke, patente, navorsingsverslae, doktorale proefskrifte en magistertesisse wat in die betrokke jaar afgehandel is, asook D-, M- en ander navorsingsprojekte wat aan die gang was of afgehandel is.

Deur dié navorsingsuitsette te dokumenteer, word navorsing aangemoedig, want dit lewer 'n vergelykingsmaatstaf waarvolgens vordering – na die Universiteit se eie gestelde doelwitte – beoordeel kan word.

Prof. Kritzinger.

In die voorwoord van die verslag sê prof. Kritzinger 'n universiteit se drie primêre take van onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens behoort nie geïsoleerd van mekaar beoefen te word nie. "Die Universiteit is diep bewus van die belang van 'n gesonde wisselwerking tussen onderrig en navorsing, veral met die oog op sy verpligting teenoor die gemeenskap om by te dra tot die opleiding van hoëvlak-mannekrag."

Hy sê die verslag is die resultaat van die gewaardeerde bydraes, op verskillende wyses, van baie mense en instansies. "Navorsing is inherent duur. Daarom word besondere dank betuig vir die voortgesette finansiële bydraes van staatsdepartemente, statutêre rade en kommissies, nywerheidsinstellings en private individue."

Die verslag is 'n regstreekse uitvloeisel van die US se Vyfjaaraksieplan (1987-'91) vir die planmatige bevordering van navorsingsaktiwiteite.

Eksemplare van die verslag word aan alle US-departemente en -navorsingsinstansies, aan die biblioteke van al die belangrikste navorsingsinstellings in die land asook aan die belangrikste finansiers van US-navorsing beskikbaar gestel.

Volgens prof. Kritzinger het die verslag nog elke jaar gunstige reaksie uitgelok. Dit stel US-navorsers in staat om meer te weet van die navorsing wat hul kollegas in verwante gebiede aan die Universiteit doen.

"Navorsing deur multidissiplinêre groepe het weens die ontsaglike kennisuitbreiding gebiedend noodsaaklik geword om verbandhoudende fasette van die wetenskap in 'n sinvolle, bruikbare geheel te integreer. Deur inligting beskikbaar te stel, poog die verslag om as katalisator vir die ontstaan van sulke navorsingsgroepe te dien."

Prof. Kritzinger sê hoewel die finansiële voordele van staatsubsidie in dié stadium hoofsaaklik aan vaktydskrifartikels en boeke gekoppel word, wil die Universiteit met sy omvattende navorsingsverslag ook publisiteit verleen aan ander bydraes wat die wetenskap, en dus ook die samelewing, dien. Die verslag van bykans 300 bladsye is deur dr. Frans Coetzer van die Afdeling Navorsingsadministrasie georden en geredigeer. □

Eerstejaars se akademiese gehalte nog hoër

Die akademiese gehalte van vanjaar se eerstejaar-Maties is nog hoër as verlede jaar. Altesaam 15,2% van die 2 604 eerstejaars vanjaar het 'n gemiddelde A-simbool – 'n slaagsyfer van minstens 80% – in hul matriekeindeksamens behaal, teenoor 14,7% verlede jaar.

Dié met 'n gemiddelde B-simbool (minstens 70%) is 26,8% (dit was 25,7% in 1988) en dié met 'n C-gemiddelde (minstens 60%) is 35,6% (teenoor 32,7% in 1988). Dit beteken dat 77,6% van al die Matie-eerstejaars vanjaar minstens 60% in die matriekeindeksamen behaal het.

Onder vanjaar se 2 604 eerstejaars is 211 wat die hoofmeisies of -seuns van hul skole was. Van hulle kom 175 uit Kaapland, 15 uit Transvaal, agt uit Natal, drie van die Vrystaat en tien uit Suidwes-Afrika/Namibië.

Daar is vanjaar 81 eerstejaarstudente meer as in 1988. Die totale studentetal is 14 026, wat tien meer as verlede jaar is. Terwyl die voorgraadse studente vanjaar 55 minder is, is daar 65 meer nagraadse Maties as in 1988.

Altesaam 29,4% van die US-studente – 4 122 van die 14 026 – studeer nagraads, teenoor 28,9% verlede jaar. Dit is die Universiteit se verklaarde strewe om slegs nagraads te groei, en die US het reeds die afgelope aantal jare een van die hoogste persentasies nagraadse studente aan enige universiteit in Suid-Afrika.

Fakulteite

In sewe van die twaalf fakulteite is daar 'n toename in studente, t.w. die fakulteite Regsgeleerdheid, Handel en Administrasie, Ingenieurswese, Geneeskunde, Bosbou, Krygskunde en Tandheelkunde.

Die getal studente per fakulteit, van die grootste tot die kleinste fakulteit (met die 1988-syfer tussen hakies) is Lettere en Wysbegeerte 3 620 (3 719), Handel en Administrasie 3 012 (2 939), Geneeskunde 1 878 (1 801), Natuurwetenskappe 1 537 (1 562), Ingenieurswese 1 238 (1 177), Opvoedkunde 867 (944), Landbouwetenskappe 682 (690), Regsgeleerdheid 294 (259), Teologie 271 (309), Tandheelkunde 259 (183), Krygskunde 192 (173) en Bosbou 176 (160).

Altesaam 80,4% van die Maties se huistaal is Afrikaans; 13,8% s'n Engels, 2,7% Afrikaans en Engels, 2,3% Duits en die res (0,8%) ander tale. Die taalverspreiding is feitlik dieselfde as verlede jaar.

Daar is vanjaar 13 363 blanke studente (13 454 in 1988) en 663 ander studente (562 verlede jaar).

Ook die provinsiale herkoms van die studente is feitlik dieselfde as in 1988, met 81,4% van die studente wat uit Kaapland kom, 9,6% uit Transvaal, 3,8% uit Suidwes-Afrika/Namibië, 2,6% uit Natal, 2,0% uit die Vrystaat en slegs 0,6% van elders.

Altesaam 36,5% van die Maties bly in universiteitskoshuise of -huise, 'n verdere 0,7% in privaatkoshuise, 11,6% in hul ouerhuise, 26,7% in hul eie huise, en die res in gehuurde kamers, woonstelle ens. □

• **Lees ook op bl. 18 van Kaapland se 1988-top-A-kandidate nou aan die US.**

Identiese tweeling in een jaar albei primarias

'n Identiese tweeling, mej. Lizette Tolken (22) en haar suster, Adéle, was die afgelope jaar elk primaria van 'n koshuis op die kampus. Sover bekend, is dit die eerste keer dat twee gesinslede dié seldsame onderskeiding behaal het.



Lizette (links) en Adéle

Adéle, 'n finalejaar-huishoudkundestudent, was die primaria van Lydia. Lizette, nou in haar eerste LL.B.-jaar was Nemesia se primaria.

Hulle is die dogters van Oud-Matie mnr. Kowie Tolken en sy vrou, Alta, van Durbanville. Mnr. Tolken, 'n sakeman en bekende in die motorhandel, is 'n oud-Simonsberger wat in die sestigerjare op Stellenbosch gestudeer het.

Die Tolkens se enigste ander kind, Alida, is ook 'n Matie. Sy is 'n eerstejaar-BA-student en is ook in Nemesia.

Lizette vertel dat sy verlede jaar besluit het om nie weer terug te gaan koshuis toe nie. Toe Alida egter ook Nemesia toe wou gaan, het Lizette van plan verander en vir nog 'n jaar in Nemesia aangebly – anders sou sy nie vanjaar primaria gewees het nie.

Al drie die meisies het aan die Hoërskool Durbanville gematrikuleer.

Die tweeling is albei vanjaar vierdejaarstudente. Adéle studeer vanjaar af, en beoog om volgende jaar te begin skoolhou, terwyl Lizette dan nog haar LL.B moet voltooi. Sy wil daarna as prokureur praktiseer, en moontlik advokaat word.

Hoewel hulle in matriek besluit het om albei Maties te word, wou hulle nie dieselfde beroep volg, of op Stellenbosch in dieselfde koshuis tuisgaan nie. "Ons wou nie op universiteit langer soos nete aan mekaar vasklou nie." Uiteindelik het elkeen as die leier van haar koshuis uitgestyg.

Al gaan hulle die afgelope vier jaar elkeen haar eie gang, bly die tweeling baie geheg aan mekaar. Hulle soek dikwels mekaar se geselskap op. Hulle stemme klink vir vreemdelinge so eenders dat hulle maklik poetse op ander kan bak. En hul haarstyle, kleredrag en belangstellings (selfs in die keuse van mansvriende!) toon nogal opvallende ooreenkomste. □

DR. BRIAN BREDENKAMP, 'n Oud-Matie van George, het tot verlede jaar drie jaar aan die Virginia Polytechnic Institute and State University in Amerika gestudeer, waar hy 'n doktorsgraad behaal het.

Hy is aan die Saasveld-bosbounavorsingsentrum verbonde, waar hy onder meer werk aan 'n projek oor die uitdunning en spasiëring van bloekom- en denneplantasies – 'n voortsetting van die navorsing vir sy doktorsgraad.

Dr. Bredenkamp was 'n bosbouer op George voordat hy in 1971 op Stellenbosch begin studeer het. Hy het B.Sc. en 'n honneursgraad albei in bosbou en in 1977 M.Sc. in boskunde behaal. □





'n Skaalmodel van die beoogde sentrum.

Tygerberg nader ideaal van 'n eie sentrum

Die ideaal van 'n eie studentesentrum vir die Tygerberg-kampus kan moontlik binnekort verwesenlik word. Planne vir die beoogde sentrum van sowat R6,5 miljoen is onlangs voltooi en daar kan dalk reeds volgende jaar met die bouwerk begin word.

Na verwagting sal die sentrum in twee of meer fases gebou word – afhangende van die beskikbaarheid van fondse.

Daar word reeds sedert 1978 gepoog om 'n studentesentrum vir die bykans 1 900 geneeskunde- en tandheelkundestudente op dié kampus moontlik te maak. In 1986 het die Universiteit besluit om die Tygerberg Academica-fonds te begin om die bou van die sentrum aan te help.

Oud-studente in die geneeskunde en tandheelkunde, dosente van dié fakulteite, die ouers van Maties wat daar studeer en sake-ondernemings word genader om geld vir die fonds te skenk of te onderneem om te skenk.

Geesdriftig

Die donateurs se geesdriftige steun het daarvoor gesorg dat die fonds reeds op minstens R1,5 miljoen aan kontant en beloftes staan, waarvan meer as R600 000 in kontant ontvang is. Planne vir die beoogde sentrum kon dus reeds voltooi word en 'n model daarvan is onlangs aan die fondsekomitee voorsien.

Daar word nog met die staat oor leningsmagtiging vir die balans van die boukoste onderhandel. Groter sekerheid hieroor sal bepaal of die sentrum in fases of dadelik in sy geheel gebou kan word. Die bouwerk kan sowat 18 maande duur.

Ondanks die probleme om die sentrum te finansier, dra dit 'n hoë prioriteit by die Universiteitsowerheid, sê prof. H.P. Wasserman, die Dekaan van Geneeskunde.

Die Tygerberg-kampus huisves voor- en nagraadse studente van die fakulteite Geneeskunde en Tandheelkunde. Sowat 300 Maties studeer jaarliks af in rigtings soos geneeskunde, tandheelkunde, arbeidsterapie, verpleegkunde, fisioterapie en mondhigiëne.

Meer as 500 studente woon daar in twee universiteitskoshuise. Huis Francie van Zijl huisves vrouestudente en Hippokrates mans. Die res van die studente loseer privaat of bly by hul ouers.

Die beoogde sentrum maak voorsiening vir eetsale vir die twee koshuise en een vir die privaatstudente, met gesamentlike kombuisgeriewe. 'n Braairestaurant en onthaalplek, 'n vergadersaal met 400 sitplekke en verhoog asook kleedkamers, 'n gimnasium en sportgeriewe, akkommodasie vir besoekende akademici, en kantore vir die studenteraad, verenigings en sportorganiseerders word ook beoog.

Die nuwe sentrum is nodig omdat die bestaande geriewe onvoldoende is, die studentetal deurentyd toeneem en die ruimte wat nou in die akademiese geboue vir 'n kafeteria en studentekantore gebruik word, vir akademiese doeleindes benodig word.

Prof. Wasserman sê op grond van die talle gunstige opmerkings wat besoekende akademici ook uit die buiteland teenoor hom maak, en die gunstige kommentaar wat hy ongenooid uit die buiteland kry oor oud-studente van die Fakulteit Geneeskunde wat daar studeer, meen hy enige fakulteit ter wêreld kan met reg trots wees op die gehalte van die Matiegeneeskundestudente.

"Die Fakulteit voel hom dus moreel verplig om alles moontlik te doen om die self-ontwikkeling, tussengroep-kontak, en die selfbeheersde akademiese benadering tot die probleme van ons land deur hierdie 'room-van-die-oes'-studente te bevorder," sê hy.

Bydraes vir Tygerberg Academica kan aan dié fonds, Posbus 35, Tygerberg, 7505 (☎ 021-931-3131 uitbr. 235) gestuur word. □

Selford Motors het 'n Ford Bantam-bakkie aan die Afdeling Sport en Ontspanning geskenk om in die belang van Matiesport gebruik te word. Selfords se besturende direkteur, mnr. Donald Philp (links) het die bakkie aan mnr. Butch Lochner, direkteur van Sport en Ontspanning, oorhandig.

Mnr. Fourie (links) en dr. Greef by die robotstelsel waarmee dr. Greef 'n internasionale deurbraak gemaak het. Dit bestaan uit rekenaars, 'n robotarm (regs van hom), 'n draaibank (voor), 'n inspeksiekamera asook frees- en boormasjiene. Dit kan byvoorbeeld al die stukke van 'n skaakstel sonder menslike hulp of toesig vervaardig.

Foto: Die Burger

WAARSKYNLIK DIE 1STE IN SY SOORT TER WÊRELD:

Robotte 'besluit al amper self'

Die Universiteit lewer nie net mense nie, maar ook robotte, wat vir hulleself kan dink! Die gerekenariseerde robotstelsel wat deur die Sentrum vir Robotika (Senrob) ontwikkel is, is waarskynlik die eerste in sy soort ter wêreld en kan al amper self besluite neem.

Senrob bestaan reeds sowat vyf jaar en vorm deel van die Departement Bedryfsingenieurswese. Die sentrum beskik tans oor vier nywerheidsrobotte asook 'n hele aantal opleidingsrobotte. Deelnemende nyweraars het die nywerheidsrobotte – met 'n totale waarde van ongeveer R350 000 – geskenk.

'Hand en vingers'

Die robotte is van verskillende groottes. Die kleiner robotte kan baie klein voorwerpe optel, en die kaak of "hand en vingers" wat gebruik word, is tot op 0,1 mm akkuraat. Die grootste robot kan 'n voorwerp van tot 200 kg optel en binne 'n radius van tot 3 m neersit.

Dr. Arthur Greef het die stelsel as deel van sy doktorale studie ontwikkel. Dit is 'n afgeskaalde, volledig funksionele aanpasbare vervaardigingsel (AVS). Die kern van hierdie sel is 'n aantal persoonlike rekenaars wat beheer uitoefen oor 'n robotarm, draaibank, freesmasjien, boormasjien en 'n outomatiese inspeksiekamera.

Wanneer die sel geprogrammeer word om 'n onderdeel te vervaardig, kan die sel self 'n "besluit neem" oor byvoorbeeld die skedulering en volgorde van die vervaardiging daarvan.

Dit word moontlik gemaak deur 'n aantal rekenaars wat met 'n redeneringsprogram geprogrammeer is – 'n program wat die kodering van kennis (skynintelligensie) moontlik maak.

Verskeie suksesvolle simulasies is reeds met die AVS by Senrob gedoen. Dit sluit in die vervaardiging van verskeie soorte onderdele, soos vir skaakstelle (van hout en metaal), sleutelhouers en ook al die letters van die alfabet.

Vir die suksesvolle afhandeling van hierdie projek het dr. Greef aan die einde van verlede jaar die eerste doktorsgraad in robotika nog in Suid-Afrika ontvang. Hy het drie jaar aan hierdie projek bestee en volgens hom hou die AVS talryke voordele in.

In teenstelling met robotstelsels wat wêreldwyd gebruik word, is dit geweldig aanpasbaar, grootliks outomaties, taamlik eenvoudig om te programmeer en relatief goedkoop.

Die AVS sal met die minimum toesighouding 'n groot verskeidenheid en hoëgehalte-produkte in 'n relatief kort tyd kan vervaardig.

Die vooruitsig is verder dat die nywerheidsrobotte werkers sal kan ondersteun en hulle vrystel van uiters gevaarlike werk (soos werk met plofstowwe), morsige werk (sweis- en verfwerk) en baie vervelige roetinewerk (soos sorteerwerk op 'n voerband). Werkers, veral ongeskooldes, sal dan meer doeltreffend aangewend kan word.

Algemeen gebruik

Robotte word reeds algemeen in Suid-Afrika gebruik vir sweiswerk, aanwending van spuitverf, hantering van produkte asook laboratorium-prosesse.

Die direkteur van Senrob, mnr. Neels Fourie, is ook opgewonde oor die vooruitsigte.

"Nywerhede, die mynwese en ook krygs-

→

At the handing over of the first instalment of the grant from Janssen Pharmaceutica and Johnson & Johnson to the University, were Dr. Johann Kinghorn and Prof. Bernard Lategan, both of the Centre for Contextual Hermeneutics, Mr. Wayne Munro, Personnel Director of Johnson & Johnson, Prof. Mike de Vries, Rector and Vice-Chancellor of the University, and Mr. Jurie Serfontein, Janssen Pharmaceutica's Director of Human Resources.

Grant can help to promote dialogue

Janssen Pharmaceutica and Johnson & Johnson have announced a grant worth a quarter of a million rands to the University. The grant, in the form of three annual instalments, is earmarked for the Centre for Contextual Hermeneutics in the Department of Biblical Studies.

The Centre, under the direction of Prof. Bernard Lategan and Dr. Johann Kinghorn, is involved in an extensive programme to promote understanding between individuals and groups and to identify and develop common values in an attempt to bridge the deep socio-political divides in South Africa.

Because religion and the Christian tradition play such a crucial role in this respect, the Centre focusses mainly on the contribution coming from this perspective to make a democratic future possible, says Prof. Lategan.

Besides being used for basic research and publications, the grant will also be employed to create opportunities for dialogue between individuals and groups.

The exposure to different and even conflicting attitudes and views is an important precondition for promoting understanding and opening new and creative possibilities for the future. For this purpose, the Centre has developed a network of contacts across the South African spectrum.

The Centre co-operates with colleagues in the fields of Sociology, Political Science, Ethics, Philosophy, Soviet Studies, Theology and Economics. It follows a complementary rather than a competitive approach and liaises with a very wide spectrum of institutions, individuals, bodies and movements in Southern Africa and abroad, without bias towards anyone.

Although the Centre operates mainly in the Afrikaans community, it is also widely accepted in the black church community, through which it has access to people and institutions otherwise out of reach because of politics.

The Centre is interested in the process of understanding; what facilitates and what hampers understanding between people. Since understanding is closely linked to values, our basic set of values underlies the way in which we see reality, interact with others and organise society or the economy.

"Values are fundamental. They operate like paradigms and are, therefore, seldom conceptualized. Even so, because they are regulative by nature, they provide the key to our understanding of reality and to the way we act."

The lack of common social values can result in disruptive conflict. South Africa has not yet developed a core-set of commonly accepted values. This conflict will be overcome only when the value preconceptions of different factions are perceived not to be mutually exclusive. On this basis a common loyalty can envolve, with obvious material and psychological benefit for all, says Prof. Lategan.

The Centre's first publication, *The Option for Inclusive Democracy*, represents the result of such a process of consultation, which will be continued in further projects.

The grant forms part of Janssen Pharmaceutica and Johnson & Johnson's programme of social responsibility and their commitment to an open, democratic society in a post-apartheid era. Recently, Janssen won two awards for their contribution in this field.

Mr. Jurie Serfontein, Director of Human Resources of Janssen Pharmaceutica, and Mr. Wayne Munro, Personnel Director of Johnson & Johnson, presented the first instalment of the grant to the Rector and Vice-Chancellor of the University, Prof. Mike de Vries. □

→

tuigvervaardigers stel baie belang in die werk wat ons by Senrob doen. Ons ondersoek tans moontlikhede om robotte in dié bedrywe te implementeer. Die waarde van die projek is dat dit spesifiek vir Suid-Afrikaanse omstandighede en behoeftes ontwerp is.

"Weens die hoë persentasie ongeskoolde werkers in ons land het ons robotte nodig wat hulle kan bystaan en ondersteun. "Dan kan hulle vir meer menswaardige en bevredigende werk ingespan word. Dit sal ook 'n aansienlike verhoging in produktiwiteit en gehalte meebring," sê mnr. Fourie.

Met hierdie deurbraak het dr. Greef Suid-Afrika wêreldwyd aan die voorpunt van soortgelyke navorsing geplaas. □

Houtkunde kry beeldontleder

Die Departement Houtkunde het onlangs een van die mees gevorderde beeldontleders - die eerste in sy soort aan die Universiteit - teen R120 000 gekoop.

Dit hou 'n groot belofte in vir die departement se belangrike navorsing oor houteienskappe, omdat inligting met die nuwe apparaat makliker op 'n groot skaal en baie akkuraat ingesamel en verwerk kan word. Voorheen was dié navorsing baie tydrowend.

Die stelsel beskik oor uitgebreide fasiliteite en is in staat om kwantitatiewe inligting van voorwerpe op 'n versyferaartablet in te samel, of dit kan gedoen word op beelde wat deur 'n videokamera na 'n monitor versend word.

Die videokamera beskik oor passtukke en lense om enigiets van mikroskopiese beelde tot makrobeelde te ontvang.

Afhangende van die kompleksiteit van die strukture wat gemeet en ontleed moet word, kan òf die semi-outomatiese mode (Videoplan) gebruik word, òf daar kan gebruik gemaak word van die volle outomatiese sisteem (Vidas) wat in staat is om lesings outomaties vanaf gestoorde en digitaal verwerkte beelde te neem.

Laasgenoemde berus op grysarea-ontledings en is in staat om meer as 250 grysvlakke te onderskei.

Die stelsel, bekend as die Kontron, is in Wes-Duitsland vervaardig. Omni-Science van Randburg het dit verskaf en geïnstalleer. Die stelsel gebruik die MS-Dos-bedryfsisteem, beskik oor 'n 50-megagreep-hardeskyf en is IBM-versoenbaar.

Die Kontron-beeldontleder is geheel en al modulêr. Die stelsel kan gevolglik, t.o.v. die hardeware asook die programmatuur, feitlik onbeperk uitgebrei word.

Alle nuut geïnstalleerde Kontron-beeldontledingstelsels word gerugsteun deur bygewerkte programmatuur en handleidings wat jaarliks gratis aan gebruikers verskaf word. Dit verseker dat die stelsel nie binne die afsienbare toekoms sal verouder nie.

Die Departement Houtkunde het besluit om die stelsel aan te koop omdat daar 'n dringende behoefte aan meer inligting oor die eienskappe van die kommersiële houtsoorte is.

Vir feitlik al die Suid-Afrikaanse kommersiële boomsoorte is daar relatief min kwantitatiewe inligting beskikbaar oor die variasie in houteienskappe, die invloed van omgewings- en genetiese faktore wat dit beïnvloed en die interkorrelasie tussen houteienskappe.

Met die ingebruikneming van die nuwe stelsel verwag die departement nou om in die toekoms 'n nog groter bydrae op die gebied van houteienskap-navorsing te maak. Die stelsel het ook toepassings op talle ander wetenskaplike gebiede.

Die afdeling Pulp- en Papiertegnologie in die Departement Houtkunde beoog om die drukkwaliteit van bestrykte papier te evalueer deur die vormfaktor van die rasterpatroon te meet, terwyl die stelsel ook gebruik kan word om pulpvesels te meet en te klassifiseer.

'n Verskeidenheid van navorsing in ander US-fakulteite kan ook deur die nuwe stelsel bevoordeel word. □

Prof. Gunter Gerischer (agter) saam met mev. Editha Wand en dr. Francois Malan, almal van die Departement Houtkunde, besig om hout-anatomiese studies op die Kontron-beeldontleder te doen.

2½ dekades by BEO

Mnr. Wilfred Adams (naasregs) is reeds die afgelope twee en 'n half dekades aan die Buro vir Ekonomiese Ondersoek verbonde. Hy is hier by proff. Attie de Vries en Jan Sadie, albei vorige direkteure van die buro, en dr. Ockie Stuart, die huidige direkteur, op 'n onthaal wat in 'n Stellenbosse restaurant aangebied is om mnr. Adams vir sy getroue diens te vereer. Hy het by dié geleentheid ook 'n muurhorlosie as geskenk ontvang.

Onder die deelnemers by die seminaar was dr. Hendrik Kotzé, direkteur van die Eenheid vir Kliniese Sielkunde, dr. Tessa Middleton, kliniese sielkundige by Tygerberghospitaal en prof. André Möller van die US se Departement Sielkunde.

Kliniese sielkundiges hoor van professie se knelpunte

'n Indiensopleidingseminaar vir kliniese sielkundiges is onlangs deur die departemente van Sielkunde en Psigiatrie en die Eenheid vir Kliniese Sielkunde aangebied. Die geleentheid het ook gedien as reünie vir oudstudente, en is by die Universiteit se seminaarsentrum, Mon Villa, buite Stellenbosch gehou.

Prof. Mike de Vries, Rektor en Vise-kanselier, het die openingsrede gelewer. Sprekers by die seminaar was prof. J. Robbertze, voorsitter van die Beroepsraad vir Sielkunde, prof. André Möller van die US se Departement Sielkunde, dr. Y. van den Worm, mej. C. Oosthuizen, mnr. M.F. Gerber, en prof. A.B. van der Merwe. Meer as vyftig deelnemers het die verrigtinge bygewoon.

In sy rede het prof. Möller gesê kliniese sielkundiges dien die grootste deel van Suid-Afrika se bevolking glad nie, en word daarom as irrelevant in die geestesgesondheidsdienste beskou.

Volgens hom is daar 'n ernstige tekort aan kliniese sielkundiges in Suid-Afrika en sowat 92% van alle kliniese sielkundige dienste in die land word aan blankes, veral middelklas-blankes, gelewer.

'Groot skroef los'

Hy het gesê dat daar 'n groot skroef los is, "want die situasie waarin Suid-Afrika verkeer en die behoeftes van sy mense word nie in ag geneem nie". In die opleiding van kliniese sielkundiges word slegs vyf persent van die tyd aan gemeenskapsmodelle en voorkomende geestesgesondheidsdienste bestee. Die opleiding is ook grootliks slegs op middelklas-blankes gerig.

Opleiding van geestesgesondheidswerkers, veral met die oog op voorkomende werk in gemeenskappe, sou, volgens prof. Möller, 'n gedeeltelike oplossing vir die probleem bied.

Dié voorstel is ook vervat in 'n verslag oor geestesgesondheid wat pas onder voorsitterskap van prof. Möller vir die raad van die Sielkundevereniging voltooi is, en wat binnekort voorgelê gaan word.

Die voorstel is verder dat daar 'n graadkursus van vier jaar vir geestesgesondheidsdienste ingestel moet word, wat kursusse in sosiologie, maatskaplike werk, geneeskundige dienste en oorwegend sielkunde insluit. Dié opvoeding sal help om veral 'n voorkomende geestesgesondheidsdiens in gemeenskappe te vervul. □

VARKNAVORSING

US-geriewe nou van die modernste

Die Departement Veekunde spog nou met van die modernste geriewe vir varkproduksie-navorsing in die land. Dit stel hom in staat om, veral in Wes-Kaapland, die leiding te neem met navorsing en opleiding in dié belangrike en snelgroeiende vertakking van die rooivleisbedryf.

'n Skenking van R100 000 deur die Vleisraad het die oprigting van die nuwe varkproduksie-eenheid op Mariendahl, een van die US se drie proefplase, moontlik gemaak. Dit is verlede jaar in gebruik geneem, en sluit aan by die goed toegeruste voeding-navorsingsgebou wat reeds die afgelope jare daar naby in gebruik is.

Naas die Vleisraad het nog 'n twaalftal skenkers belangrike bydraes gelewer, wat van kleiner geldbydrae tot teeldiere gewissel het. Dit sluit in die Kaaplandse Varkprodusentevereniging, wat hom verbind het om jaarliks 'n nagraadse studiebeurs van R4 000 en R10 000 vir nagraadse navorsing te skenk.

Die skenkings is 'n bewys van die verbintenis wat die Veekundedepartement deur die jare met telers en ander betrokkenes in die varkbedryf opgebou het.

Sedert die vroeë twintigerjare lewer die departement 'n besonder aktiewe en toonaangewende bydrae tot die ontwik-

Met die ingebruikneming van die nuwe varkproduksie-navorsingseenheid op Mariendahl was, van links, mnr. Kosie Loubser, voorsitter van die Kaaplandse Varkprodusentevereniging, prof. De Vries, dr. Fanie van Rensburg, voorsitter van die Vleisraad, prof. Vosloo, dr. Pieter Coertze, die Vleisraad se hoofbestuurder, en prof. Heydenrych.



Mnr. Mellet (bo) in die kraamsaal by 'n werpsel varkies wat twee dae oud is. Regs is mnr. Francois Theron, senior tegniese beampte op Mariendahl, besig om as deel van die navorsing 'n massatoename- en ultrasoniese vetdikte-bepaling van 'n jong vark te doen.

keling van die varkbedryf, die oplossing van produksieprobleme en die opleiding van studente wat hul dienste aan die bedryf kan lewer.

Die departement het reeds bykans 100 publikasies oor 'n wye verskeidenheid van varkproduksie-aspekte gelewer.

Opleiding in varkproduksie vorm vanaf die ontstaan van die Fakulteit in 1917 'n belangrike deel van die voorgraadse kursus in veekunde.

Nagraadse spesialisasie in varkbedryfskunde word deesdae in vier rigtings nl. teling, voeding, reproduksiefisiologie en vleiskunde aangebied. Twaalf meesters- en drie doktorsgrade is reeds in dié rigtings toegeken.

Monument

In 1974, toe alle landboufakulteite aan universiteite fisies en organisatories van die destydse staatsdepartement van Landboutegniese Dienste afgeskei is, is die US sonder varke of varkbehuisingsgeriewe gelaat waarmee hy sy bydrae tot dié bedryf kon voortsit. 'n Basiese voedingsnavorsingsgebou is op Mariendahl opgerig, wat sedertdien in die heel nodigste behoeftes vir opleiding en navorsing in varkvoeding en -fisiologie kon voorsien.

Die nuwe navorsingseenheid vervul dus 'n lank gevoelde behoefte. Die aanleg is 'n monument vir prof. Willem Vosloo, wat voorverlede jaar as hoof van die Departement Veekunde afgetree het, het dr. Fanie van Rensburg, voorsitter van die Vleisraad, met die amptelike ingebruikneming van die aanleg gesê.

Prof. Vosloo het 'n reuse-bydrae tot die vooruitgang van die varkbedryf landwyd, maar veral in Wes-Kaapland, gelewer. Hy word selfs in die buiteland as 'n kenner op die gebied van varkproduksie en vleiskunde baie hoog aangeslaan.

Sedert prof. Vosloo se aftrede is een van sy oud-studente, mnr. Francois Mellett, as dosent in varkproduksie en vleiskunde in die Departement Veekunde aangestel. Hy het in Wes-Duitsland nagraadse opleiding aan die Universiteit vir Voedseltegnologie en Landbou in Hohenheim, Stuttgart, ontvang.

Mnr. Mellett was ook vyf jaar by die vleishandel en varkvleisverwerking betrokke. Sy doktorsgraadstudie in die vleiskunde is reeds ver gevorder. Alle navorsing in die nuwe varkproduksienavorsingseenheid geskied onder mnr. Mellett se leiding.

Sedert die eenheid in gebruik geneem is, het 'n belangrike navorsingsprojek – 'n ondersoek na die vervanging van vismeel in varkrantsoene, wat onder prof. Vosloo se leiding aangepak is – reeds interessante resultate opgelewer.

Met dié navorsing is gevind dat varke op rantsoene met minder vismeel steeds dieselfde groeitempo gehandhaaf het as varke wat rantsoene met baie vismeel gevoer is, terwyl vetneerlegging nie beïnvloed is nie. 'n Proepaneel het bo enige twyfel bewys dat die rantsoene met minder vismeel varkvleis gelewer het wat beslis beter smaak. Dié projek oor die formulering van rantsoene word steeds voortgesit.

Volgens prof. Hennie Heydenrych, die huidige departementshoof, is sowat 40% van die land se totale varkvleisproduksie uit Wes-Kaapland afkomstig, en is verskeie groot varkvleisverwerkingsfabrieke ook daar geleë.

"Dit is landwyd 'n vinnig ontwikkelende bedryf. Kenmerke daarvan is dat dit hoogs gespesialiseerd is, dat groot, intensiewe produksie-eenhede vinnig toeneem, hoë kapitale investering nodig is, en die bedryf streekgebonde produksieprobleme beleef," sê prof. Heydenrych.

Hy beskou navorsing dus as 'n uiters belangrike ondersteunende funksie in die ontwikkeling van die bedryf. "Hoë vereistes aan kennis, vernuf en bestuur word gestel, veral as dit by voeding, teling, behuising en karkaskwaliteit kom."

Mariendahl

Die Universiteit se vark-navorsingsgeriewe op Mariendahl sluit aan by dié van die Staat – vir die Winterreënstreek – wat op Elsenburg daar naby geleë is. Saam vorm dit 'n gevorderde navorsingsinfrastruktuur.

Prof. Vosloo sê varkkarkasse uit Wes-Kaapland is van die beste wat in die land geproduseer word. Dit vergelyk goed met van die beste ter wêreld.

Hy meen die vereistes wat aan die bestaande navorsingsgeriewe gestel word, gaan in die toekoms al hoe groter word, omdat varkvleisproduksie al belangriker vir Suid-Afrika se rooivleisbehoeftes word. □

Reuse-kunsversameling permanent na US

Een van Suid-Afrika se waardevolste en omvattendste private kunsversamelings gaan vanaf 1991 permanent by die Universiteit vir die publiek uitgestal word. Dit behoort aan 'n Kaapstadse Oud-Matie en US-eregraduandus, prof. J. du P. ("Canis") Scholtz.

Prof. Scholtz – wat in Mei vanjaar 89 geword het – het as kunskenner en -liefhebber die keurige versameling van 310 werke sedert 1921 tot 1985 sorgsaam opgebou.

'n Dertigtal Suid-Afrikaanse kunstenaars is deur 163 werke in die versameling verteenwoordig. Van 40 Europese kunstenaars is daar 119 werke. Die versameling van sogenaamde eksotiese of primitiewe kuns sluit 28 uitstaande voorbeelde in.

Die Universiteit het onderneem om die versameling in die nuwe Eben Dönges-sentrum uit te stal – in die ou Bloemhofgebou, wat gerestoureer gaan word om vir al die Universiteit se kuns- en kultuurhistoriese versamelings 'n permanente tuiste op die kampus te bied. (Berigte hieroor in *Matieland* 1:89).

Prof. Scholtz se versameling gaan op twee vlakke in die saal van die eertydse skoolgebou gehuisves word. Die versameling is so groot dat slegs 'n gedeelte daarvan op 'n keer uitgestal sal word.

Dit is prof. Scholtz en sy Nederlandsgebore vrou, Helena (Ena), se wens dat die hele versameling uiteindelik deur nalatenskap US-besit moet word.

'n Deel van die versameling is reeds by die Universiteit. Die US se restoureur, mnr. Henri Wirth, gaan toesien dat die kunswerke volgens internasionale bewaringstandaarde versorg word sodat dit vir die nageslag behoue sal bly.

Mnr. Wirth by 'n deel van die Scholtz-kunsversameling wat reeds by die Universiteit is. Hy hou 'n werk van Katrine Harries vas.

Onder die Suid-Afrikaanse kunstenaars wie se werke in die versameling vervat is, is Pierneef, Moses Kottler, Florence Zerffi, Strat Caldecott, Enslin du Plessis, Katrine Harries, Irma Stern, Jean Welz, Alexis Preller en Judith Mason.

Christo Coetzee, Bill Davis, Erik Laubscher, Leonard Matsoso, Pippa Skotness en Herman van Nazareth is onder die jonger garde Suid-Afrikaanse kunstenaars van wie prof. Scholtz werke in sy versameling opgeneem het.

Die versameling bevat ook onder meer 'n bronsbeeld van Edoardo Villa en skilderye van Eleanor Esmonde-White, Cecil Higgs, May Hillhouse, Adolf Jenz, Wolf Kibel, Francois Krige, Ruth Prowse, Rupert Shephard en Maud Sumner.

In die Suid-Afrikaanse deel van die versameling is daar 58 olieverfskilderye, 13 akwarelle, 20 tekeninge, 23 litografieë, 22 etse, asook vyf linosneë, drie monotipes, drie sifdrukke, twee houtdrukke en 14 beeldhouwerke.

Prof. Scholtz het die Europese werke in die versameling feitlik alles tydens besoeke aan Europa aangekoop. Dit bestaan uit skilderye in verskillende media; akwarelle, tekeninge, litografieë en etse in kleur; sifdrukke, houtblokdrukke, skulpture en gesweiste ysterwerke.

Onder die Europese kunstenaars wat in die versameling verteenwoordig is, is Henri Matisse, Aristide Maillol, André Dunoyer de Segonzac, Charles Despiau, Corneille, Juan Miro, Pierre Soulages, Robert Couturier, John Rädecker, Jaap

1988-uitgawe R141 miljoen

'n NUWE REKORDBEDRAG van meer as R20 miljoen is verlede jaar vir navorsing aan die Universiteit bestee. Die US en ander instansies het in 1988 meer as R16,45 miljoen aan beurse en lenings vir ongeveer 11 500 Maties bestee. En die Universiteit se totale uitgawe het van sowat R132 miljoen voorverlede jaar tot R141,27 miljoen verlede jaar gestyg.

Dié syfers kom uit die Rektor en Visekanselier, prof. Mike de Vries, se jaarverslag vir 1988, wat vroeg in die tweede kwartaal vanjaar vrygestel is.

Van die totale uitgawe is bykans R125 miljoen aan akademiese bedrywighede bestee. Dit is meer as R6,71 miljoen meer as die vorige jaar. Personeelvergoeding het verlede jaar 74,1% van die lopende uitgawe bedra.

Die koste vir die Universiteit om elke student op te lei, was gemiddeld R8 998 – sowat vyf persent meer as die vorige jaar. Tien jaar tevore, in 1978, was dié koste R2 634, en in 1983 was dit R5 126.

Naas akademiese bedrywighede, het die totale uitgawe meer as R3 miljoen vir die Langenhoven-studentesentrum en meer as R13,23 miljoen vir koshuise ingesluit.

Van alle heeltydse studente het 37,3% in universiteitskoshuise en -huise ingewoon.

Meer as R17,73 miljoen is aan geboue en konstruksiewerk, meer as R14,24 miljoen aan kapitaaltoerusting en meer as R3,95 miljoen aan boeke en tydskrifte bestee.

Aan die einde van 1988 het die Universiteitsbiblioteek 523 943 boeke, 12 908 meer as in 1987, gehad. Die getal lopende tydskrifte het met 87 tot 6 675 gedaal. Gebonde tydskrifte en koerante het met 11 833 tot 221 520 gestyg. In die verslagjaar is 402 218 boeke en ander inligtingstukke uitgeleen.

Navorsing

Van die meer as R20 miljoen wat in 1988 aan navorsing bestee is, is R6 miljoen deur private instansies aan US-navorsingsinstansies beskikbaar gestel.

Uit die staatsubsidie is ongeveer R2,9 miljoen regstreeks vir navorsing beskikbaar gestel, waarvan R347 500 aan nagraadse beurse bestee is. Daarbenewens het verskillende instansies meer as R2 miljoen vir nagraadse beurse bewillig.

Verskillende navorsingsprojekte kon uit die opbrengs van die Stellenbosch 2000-fonds ondersteun word. 'n Verdere R347 500 is uit dié bron vir nagraadse beurse aangewend. □

'n Deursnit van die skaalmodel van die saal in die Eben Dönges-sentrum soos dit daar sal uitsien wanneer dit heringerig is om as kunsgalery met twee vlakke die Scholtz-versameling te huisves. Mnr. Wirth het dié ontwerp gedoen en die model gemaak.

Wagemaker, Jaap Nanninga, Manolo Millares en Henri Michaux.

Die Europese kunswerke is meer abstrak as dié uit Suid-Afrika.

Daar is stukke uit Iran, Wes-Afrika, die Suidsee-eilande asook Sentraal- en Suid-Amerika in die versameling van eksotiese kuns.

Prof. Scholtz het verskeie studies oor Suid-Afrikaanse kunstenaars gepubliseer. Dit sluit 'n werk oor Strat Caldecott (1970), die monografie *D.C. Boonzaier en Pieter Wenning: verslag van 'n vriendskap* (1973) asook die boek *Moses Kottler, his Cape years* (1976) in.

In 1943 het prof. Scholtz die Hertzogprys ontvang vir *Die Afrikaner en sy taal*, die kultuurhistoriese proefskrif waarmee hy in 1939 in Utrecht, Nederland, sy doktorsgraad verwerf het.

Hy het MA in 1920 op Stellenbosch verwerf, waarna hy 'n Croll-stipendium vir buitelandse studie verower het. Behalwe vir 'n tyd wat hy aan die Woordeboek van die Afrikaanse Taal op Stellenbosch verbonde was en enkele jare wat hy in die uitgewersafdeling van die Nasionale Pers in Kaapstad gewerk het, was prof. Scholtz sy hele loopbaan aan die Universiteit van Kaapstad verbonde. Hy is in 1934 daar aangestel en het in 1950 professor geword. As taalkundige het hy die historiese taalwetenskap in Suid-Afrika op 'n nuwe en gedokumenteerd wetenskaplike grondslag geplaas.

Die US het prof. Scholtz en nog drie ander Oud-Maties, proff. Fransie Malherbe en Piet Cillié asook die digter Uys Krige, in die Afrikaanse Taal-jaar, 1975, met eredoktorsgrade gehuldig.

Prof. Scholtz het in 1970 die Akademie se C.J. Langenhoven-prys vir taalwetenskap ontvang, en in 1974 die Stals-prys vir sy bydrae tot die kunsgeskiedenis. Hy het ook eretoekennings van die Kaapse Drie-Eeue-stigting gekry en in 1985 het die Vrystaatse Universiteit 'n eredoktorsgraad aan hom verleen. □

Nuwe werk oor idiome

PROF. MEYER DE VILLIERS, emeritusprofessor in Afrikaans en Nederlands aan die US, en dr. Rufus Gouws, 'n senior lektor in dié departement, is die skrywers van *Idiomewoordeboek*, wat onlangs verskyn het.

Hierdie publikasie is die voortsetting van die 76-jarige prof. De Villiers se bydrae tot die Afrikaanse taalkunde en leksikografie, wat nou reeds oor die afgelope ses dekades strek.

Idiomewoordeboek bevat 'n lys Afrikaanse idiome met verklarings en Engelse vertalings. Daarnaas word 'n nuwigheid in die Afrikaanse leksikografie bekend gestel deurdat dié woordeboek vir elke idioom ook 'n sogenaamde trefbegrip verstrek wat die betekenis in 'n enkele woord saamvat.

Naas die lys idiome bevat die woordeboek 'n tweede afdeling waarin al die trefbegrippe gelys word met 'n kruisverwysing na al die idiome wat die bepaalde betekenis het. Hierdeur kan 'n woordeboekgebruiker leiding kry oor verskillende idiome wat gebruik kan word ter aanduiding van dieselfde betekeniswaarde. □

Prof. De Vries (links voor) en mnr. Wirth (agter) kyk saam met prof. en mev. Scholtz na die model van die beoogde kunsgalery.



Dr. Gouws en prof. De Villiers met Idiomewoordeboek, wat onlangs verskyn het en deur hulle saam geskryf is.

4de plegtigheid kom in Desember

DIE UNIVERSITEIT gaan in Desember vanjaar vir die eerste keer vier grade- en diplomaplegtighede in plaas van drie soos in vorige jare hê. Dit sal oor drie dae van 12 tot 14 Desember strek.

Die eerste plegtigheid begin om halfses op Dinsdagaand 12 Desember. Grade en diplomas in die fakulteite van Opvoedkunde, Landbouwetenskappe, Regsgeleerdheid en Teologie word dan toegeken.

Op Woensdag 13 Desember word twee plegtighede gehou. Die eerste begin om halftien die oggend, wanneer grade en diplomas in Handel en Administrasie asook Ingenieurswese toegeken word. Met die plegtigheid wat om drie-uur dié middag begin, kom die fakulteite Lettere en Wysbegeerte asook Krygskunde aan die beurt.

Die vierde plegtigheid begin om halftien op Donderdagoggend 14 Desember, vir die fakulteite van Natuurwetenskappe, Geneeskunde, Bosbou en Tandheelkunde. Eregrade sal ook by dié plegtigheid toegeken word.

'n Vierde plegtigheid in Desember het nodig geword vanweë die groot getal studente wat aan die einde van elke jaar op Stellenbosch afstudeer. In Desember 1988 is bykans 3 000 grade en diplomas deur die Universiteit toegeken.

Soos gebruiklik, sal die Universiteit steeds in Maart 1990 'n aanvullende plegtigheid vir 1989 se akademiese jaar hou. Vanjaar is meer as 600 kwalifikasies op die Maart-plegtigheid toegeken. □

GEWILDE M.A.-VOORLIGTINGSIELKUNDE NOU IN 20STE BESTAANSJAAR

Zoeloe-vrou geniet unieke M-kursus

Om as Zoeloesprekende Nataller skielik in 'n sielkunde-meestersklas op Stellenbosch intensief met Afrikaans gekonfronteer te word, was "byna te veel vir my. Ek wou net opskop en teruggaan huis toe," vertel mej. Pinkie Khumalo. Sy het egter deurgedruk en voltooi aan die einde van die jaar dié deeltydse driejaar-kursus wat sy aangepak het om haar beter vir haar werk as beroepsraadgewer by die Departement van Mannekrag toe te rus.

Hoewel verlede jaar nog vir haar baie moeilik was, het sy dit geniet om vanjaar die intensiewe lesingreeks – wat elke jaar oor 20 dae strek – op Stellenbosch by te woon.

Sy het in 1981 met 'n honneursgraad in sielkunde aan die Universiteit van Zoeloeland afgestudeer, waar sy ook 'n eerstejaarkursus in Afrikaans voltooi het. Haar kennis van die taal was aan die begin "te verroes" en nie voldoende vir die klasse op Stellenbosch nie, maar dit het gou beter gegaan en sy het besluit om deur te druk.

Aangemoedig

Twee Durbanse kollegas, mev. Ross Pullen en mnr. Ian Roberts, wat die kursus saam met haar aangepak het, het haar aangemoedig en moreel onderskraag, vertel mej. Khumalo. Sy sê ander studente, die dosente en ander Maties op die kampus – veral in die Langenhoven-studentesentrum, waar sy elke keer gebly het – het haar baie tuis laat voel.

Tot onlangs het sy in Durban gewoon, maar ná haar troue met 'n Randse landmeter, mnr. Raleigh Maesela, 'n oudstudent van die Universiteit van Natal, het sy gevra om Johannesburg toe verplaas te word.

Haar gevorderde werkstuk wat deel van dié M-kursus vorm, handel oor die beroepskeuses van swart matrikulante, en waarom hulle, as dit by die keuse van 'n professie kom, meestal slegs aan enkele beroepe soos die onderwys of verpleging voorkeur gee.

Prof. Johan le Roux, hoof van die Departement Sielkunde, sê die Universiteit is die enigste in die land wat 'n MA-kursus in voorligtingsielkunde deeltyds aanbied. Dit is nou die twintigste jaar dat die kursus bestaan. Sedert in 1970 daarmee begin is, het 186 studente reeds die kursus aangepak, waarvan 36, versprei oor drie jaar, nou daarmee besig is.

Hul praktiese werk, onder toesig van die Departement Sielkunde, dien vir die studente as internskap om by die Beroepsraad vir Sielkunde as voorligtingsielkundiges te kan registreer. As deel van hierdie toesig besoek US-dosente al die studente by hul werk.

Die praktiese werk is ook aan toesig deur skoolsielkundiges van die Departement Onderwys, of ander senior sielkundige beamptes, onderworpe.

Prof. Le Roux (regs) en mej. Khumalo saam met die klasleier van vanjaar se derdejaars in die deeltydse MA-voorligtingsielkundekursus, mnr. Japie Loubser van George, wat 'n skoolsielkundige in die Departement van Onderwys en Kultuur (Raad van Verteenwoordigers) is.

Studente moet verkieslik in hul werk (byvoorbeeld as skoolsielkundiges, voorligtingsielkundiges in staatsdepartemente, ens.) aanbly terwyl hulle dié unieke kursus volg.

Die studente se werk – wat uit die beoefening van voorligting bestaan – vorm die kern van die kursus. Hieroor moet aan die Universiteit verslag gedoen word, onder meer in die vorm van gevallestudies en bandopnames.

Naas die praktiese werk waaroor as deel van die kursus toesig gehou word, die gevorderde werkstuk in die finale jaar en die intensiewe klasbywoning van 20 dae per jaar, moet 'n voorgeskrewe leesprogram deurgewerk word en werkstukke in die vorm van navorsingsprojekte van beperkte omvang voltooi word.

Keuring vir dié gewilde MA-kursus geskied in Augustus elke jaar. □

Nasionale simposium oor voedselbestraling

Sowat 500 mense van dwarsoor die land het 'n belangrike, nasionale simposium oor voedselbestraling – gereël deur die Departement Voedselwetenskap – vroeër vanjaar op Somerset-Wes bygewoon. Die voedselbedryf én die publiek is deeglik by die tweedaagse geleentheid betrek.

Dit is aangebied in samewerking met die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, wat die simposium gebruik het om bekend te maak dat wetgewing binnekort deurgevoer word om dit vanaf 1990 verpligtend te maak dat daar duidelike aanduidings oor bestraling op die verpakkings van bestraalde voedselware moet verskyn.

Dié departement se direkteur-generaal, dr. Coen Slabber, wat namens die betrokke minister, dr. Willie van Niekerk, opgetree het, het gesê dit is 'n kommunikasiedeurbraak dat dit 'n simposium vir verbruikers en die bedryf was.

Sowat 150 simposiumgangers het vir die eerste dag, die wetenskaplike deel, ingeskryf, en ongeveer 350 belangstellendes vir die verbruikersforum, wat die tweede dag van die simposium beslaan het.

Dit was die Departement Voedselwetenskap se derde jaarlikse nasionale simposium. Voorverlede jaar s'n, in Kaapstad, het oor strategieë vir die ontwikkeling van voedselprodukte gehandel. Verlede jaar se simposium, oor nuwe produkte vir wêreldmarkte, was in Johannesburg.

'n Aantal verbruikers- en sewe vroueorganisasies is by die verbruikersdag van vanjaar se simposium verteenwoordig. Onder hulle was die SA Huisvroueliga, waarvan meer as 60 lede daar was.

Suid-Afrika glo saam met die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) en die wêreld se voorste lande dat voedselbestraling net so veilig of beter as die huidige preserveringsmetodes is, het dr. Slabber gesê. Die RSA het einde verlede jaar in Switserland deelgeneem aan 'n konferensie waar die WGO deur verklarings duidelik vir voedselbestraling wêreldwyd die weg gebaan het.

'n Verklaring van dr. Van Niekerk aan die simposiumgangers het gelui dat hy dit as sy plig beskou om te verseker dat die beskikbare tegnologie ingespan moet word om vermorsing tot die minimum te help beperk, en te verseker dat slegs voedsame kos wat veilig vir die mens is, in die land verkoop word.

Voedselbestraling gaan gebuk onder 'n probleem van onkunde eerder as verbruikersweerstand, het prof. Mike de Vries, die Rektor en Vise-kanselier, in die openingsrede gesê. Dit is volgens hom die bedryf se verantwoordelikheid om verbruikers oor die tegniese voordele van bestraling, ander preserveringsmetodes, of die gevolge van geen preservering nie, in te lig.

HEEL BO: Mev. Marie van Olst en mnr. Norman Hill, wat albei sprekers by die voedselbestraling-simposium was.

MIDDEL BO: Prof. Piet Marais, ereprofessor in voedselwetenskap en 'n simposium-spreker, saam met mev. Lillibeth Moolman, voorsitster van die Nasionale Verbruikersunie en voorsitster van die voedselbestraling-verbruikersforum.

BO: Prof. Van Noort, mnr. Theo Ouwerkerk van Switserland, buitelandse hoofspreker by die simposium, en mnr. Jack Colvin van Elgin Fruit Juices.

Die simposiumorganiseerder, prof. Gerard van Noort, hoof van die Departement Voedselwetenskap, sê geen ander metode van voedselprosessering is vir meer as 'n halfeeu so deeglik wetenskaplik nagevors as bestraling nie.

Hy sê een van die mensdom se grootste uitdagings vir oorlewing was nog altyd hoe om kos so lank as moontlik veilig te berg. Sedert die vroegste tye is sondroging ('n vorm van bestraling), verkoeling in sneeu, op ys of in koel grotte, en sout vir preservering gebruik.

In die vroeë 19de eeu het inmaak in blikke gekom, en in die 20ste eeu vriesdroging, bevriesing, chemiese preservering en beroking. Nou is voedselbestraling die preserveermiddel van die toekoms, meen prof. Van Noort.

In die afgelope dekades is vasgestel hoe die energie in kortgolf-gammastrale voordelig ingespan kan word, en wetenskaplikes het wêreldwyd intensiewe navorsing gedoen oor hoe om dié tegnologie vir kospreservering te benut.

Een van bestraling se grootste voordele is dat die voedsel behandel kan word nadat dit verpak en verseël is, wat die veiligheid daarvan verhoog. Prof. Van Noort beklemtoon dat daar in Suid-Afrika baie deeglike beheer hieroor bestaan.

Met 'n besoek aan Europa en Amerika verlede jaar het hy gevind dat die deskundiges daar baie belangstel in wat op die gebied van voedselbestraling in Suid-Afrika gebeur, omdat hulle die land op dié gebied – en in baie ander opsigte rakende die voedselbedryf – as 'n leier beskou.

● Die Departement Voedselwetenskap het 'n brosjure (in albei landstale) oor bestraling en voedsel vir verbruikers opgestel, wat teen R2,50 (geen AVB nie) by die Departement, Universiteit, Stellenbosch, 7600; ☎ 02231-773510 bestel kan word. □

14 van 20 Kaaplandse top-A-matrieks kies US

Minstens 14 van die twintig top-A-kandidate in verlede jaar se matriek-eindeksamen van die Kaaplandse Onderwysdepartement het besluit om Maties te word. Onder hulle is die beste én tweede beste kandidate, asook een wat die derde plek in die provinsie gedeel het.

En van die dertien heel beste akademiese presteerders in die provinsie het nie minder as tien Stellenbosch gekies nie!

Die top-A-kandidaat wat nou 'n Matie is, is Derick Moolman, wat in die ingenieurswese studeer. Hy kom van Upington en het aan die Hoër Jongenskool in die Paarl gematrikuleer.

Rekenmeester

Trevor Robertson, Kaapland se tweede beste kandidaat verlede jaar, studeer B.Comm. aan die US. Hy was aan die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad en wil 'n rekenmeester word.

Richard Leibrandt van Bellville, 'n oud-leerling van die Hoërskool D.F. Malan in dié stad, het 'n gesamentlike derde plek gehad, en studeer nou BA op Stellenbosch.

Vyfde op die ranglys was Elizabeth van Wyk, van die Hoërskool Stellenbosch, wat volgende jaar regsgeleerdheid aan die US wil begin studeer. Sy is vanjaar 'n uitruilstudent in Wes-Duitsland. Haar ouers, albei US-dosente, is prof. Andreas van Wyk van die Fakulteit Regsgeleerdheid, en mev. Magdaleen van Wyk, 'n huishoudkundedosent wat as die skryfster van kookkunsboeke bekendheid verwerf het.

Pieter von Wielligh – ook 'n oud-leerling van die Hoërskool D.F. Malan in Bellville – het die sewende plek op die ranglys beklee en studeer vanjaar B.Rek. aan die US.

Agste op die ranglys was Michelle de Vries, wat aan die Hoërskool Stellenbosch was, en 'n Matie-ingenieurstudent geword het. Sy is die jongste van drie dogters van prof. Mike de Vries, die Rektor en Vise-kanselier, en mev. Renée de Vries.

Tjakie Naudé (negende op die ranglys) studeer in die regsgeleerdheid aan die US. Hy het aan die Hoër Volkskool, Graaff-Reinet, gematrikuleer.

Martin Voster, nog 'n oud-leerling van die Hoërskool D.F. Malan, was tiende en studeer ook vir 'n graad in die rekeningkunde op Stellenbosch.

Geneeskunde

Die Hoërskool D.F. Malan het vyf van die 20 top-kandidate in die provinsie gelewer – en dié vyf is almal vanjaar Maties. Naas die drie hier bo genoem, is daar ook June Klopper (11de op die ranglys) wat geneeskunde studeer en Johan van Zyl-Smit (14de) wat die B.Rek.-kursus volg.

Lisa Jackson (12de) en Norman Louw (17de) was albei aan die Hoërskool Strand en het albei in die geneeskunde aan die US begin studeer.

Die ander twee Kaaplandse top-matrikulante wat nou Maties is, is Daniel Kritzinger (gesamentlik 16de) van die Hoërskool Sentraal, Beaufort-Wes, wat in die geneeskunde studeer, en Nelis Saayman (18de) van die Hoërskool De Kuilen, Kuilsrivier, wat 'n ingenieurstudent is. □



2 heel bestes in dieselfde koshuis

Die 1988-topmatrikulant van die Kaaplandse Onderwysdepartement, Derick Moolman (regs) en Trevor Robertson, wat die tweede plek in die provinsie bekl het.

Tien van die 55 Standard Bank-merietebeurswenners, met lede van die bank se bestuur. VOOR: mej. L. Koen, mnre. Bennie Brand, studentetakbestuurder (Stellenbosch), A.A. Jayes, assistent-hoofbestuurder: Suid- en Wes-Kaapland, en W.J. Truter, streekbestuurder: Suidwestelike Kusstreek, en mej. S. Kara. AGTER: mej. R. du Toit, mnr. C.J. Schultz, mejj. C. Scholtz, L.R. du Plessis, B. von Gadow en U. Lotz, en mnre. D.L. Cronjé en H.D. Nel. Dié beurse word op grond van matriekuitslae asook leierseienskappe toegeken.



Van die skoliere wat die winterskool bygewoon het tydens 'n laboratorium-demonstrasie.

Gewilde ingenieursweek lok 200 skoliere

'n Winterskool vir standerd 9- en 10-leerlinge is weer vanjaar in die Julievakansie by die Fakulteit Ingenieurswese gehou. Die Winterskool, wat deur die VSIS (Vereniging vir Stellenbosse Ingenieurstudente) gereël is, is gemik op leerlinge wat belangstel om in die een of ander rigting van Ingenieurswese te studeer.

Die eerste Ingenieurs-Winterskool is meer as tien jaar gelede deur studente geïnisieer en het klein en informeel met slegs 'n paar belangstellendes begin.

Deur die jare het dit na verskeie universiteite oor die land versprei, waarvan dié op Stellenbosch die grootste en gewildste is. Die Winterskool was vanjaar vol bespreek, met 200 inskrywings van oor die hele land.

Die doel van hierdie week is om Ingenieurswese en al sy verskillende vertakkings en rigtings aan die skoliere bekend te stel.

Soggens is al die departemente in die fakulteit besoek en laboratorium-demonstrasies is gehou. Smiddags het die leerlinge kans gekry om besoek af te lê by verskeie instansies en fabrieke om verskillende aspekte van die ingenieurswese in die praktyk te besigtig.

Skoliere wat aan die Winterskool deelneem, gaan vir die week in 'n Universiteitskoshuis tuis, waar alle maaltye ook voorsien word. Die week se program is baie vol en selfs saans is daar aktiwiteite vir die deelnemers beplan. Hulle word byvoorbeeld aan beursskemas van verskeie maatskappye bekendgestel, en neem aan 'n projekbou-kompetisie deel.

Die ingenieursberoep staan oop vir almal. Belangstelling en goeie resultate in wiskunde en wetenskap sowel as hardwerkendheid en volharding is voorvereistes. Die studie vir 'n ingenieursgraad is veeleisend en verg deursettingsvermoë en motivering.

Abstrak dink

Voornemende ingenieurs moet abstrak kan dink en redeneer en omdat hulle meestal in 'n span werk en hulle idees aan leke moet oordra, is taalvaardigheid en goeie kommunikasie ook uiters belangrike vereistes.

Vir die skolier wat in 'n ingenieursrigting belangstel, is die bekendstellingsprogram van die Winterskool ongetwyfeld van onskatbare waarde. □

DIE KAAPSE Onderwysdepartement se twee top-kandidate van 1988, Derick Moolman en Trevor Robertson, is albei inwoners van Eendrag op Stellenbosch. Hulle geniet dit en is baie tevrede met die koshuislewe.

"Ek het Stellenbosch gekies omdat dié Universiteit nie net akademies nie maar ook as opvoedingsinrigting bekend is" sê Derick. Sy pa, 'n Oud-Tukkie, is bankbestuurder op Upington.

Trevor se ouers is albei Oud-Maties. Mnr. Trevor Robertson (sr.) is 'n wetenskaponderwyser aan die Hoërskool Jan van Riebeeck en mev. Anita Robertson (gebore Walters) is 'n biologie-onderwyseres by die Christian Brothers' College in die stad. Hulle woon in Kampsbaai.

Derick en Trevor sê albei hulle het nie juis in die matriekeksamen vir die hoogste plekke in die provinsie gemik nie. "Ek het net my bes probeer," sê Derick.

Hy wil in die chemiese ingenieursrigting spesialiseer, en wil – net soos Trevor ook – beslis nagraads op Stellenbosch verder studeer. □

55 beurswenners spog met 'n 90%-gemiddelde

Altesaam 55 Maties het vanjaar Standard Bank se prestasie-merietebeurse ter waarde van R3 500 elk ontvang. Die bank skenk jaarliks groot bedrae vir merietebeurse vir eerstejaarstudente aan Suid-Afrikaanse universiteite.

Die beurse word op grond van studente se matriekuitslae asook hulle leierskapeienskappe toegeken. Daar was vanjaar 281 aansoeke van US-studente vir dié gesogte beurse. Almal was van 'n besonder hoë standaard, wat die toekenning baie moeilik gemaak het.

Die gemiddelde persentasie wat vanjaar se Matie-beurswenners in hul skooleindeksamens behaal het, is meer as 90%. Die meeste van die aansoekers was ook hoofseuns of -meisies van hul skole, of het op die leerlingrade van hul skole gedien. Hulle het ook aan verskeie ander skoolaktiwiteite deelgeneem.

Standard Bank se merietebeursprojek is in 1986 begin om die bank se studenteleningskema aan te vul. Aangesien studentelenings slegs beskikbaar is aan diegene wat hul eerste studiejaar reeds geslaag het, het die bank besluit om 'n merietebeursskema in te stel wat spesifiek daarop gerig is om geldelike hulp aan eerstejaar-universiteitstudente te verleen.

Die universiteite is verantwoordelik vir die toekenning van die beurse. Sodra die universiteite op die ontvangers besluit het, open die bank vir elke student 'n rekening met 'n kredietsaldo van R3 500. Voordat die studente direkte toegang tot die rekening verkry, moet hul jaarlikse klas- en verblyfgeld (waar van toepassing) eers betaal word.

As merietebeursontvangers hul eerste studiejaar slaag, kwalifiseer hulle outomaties vir 'n studentelening. Op dié manier word die finansiële middele vir die voltooiing van hul studies gewaarborg. Hierdie lenings hoef eers terugbetaal te word wanneer die studente hulle studies voltooi het.

Die studierigtings wat vanjaar se 55 Matie-Standardbank-beurswenners volg, is M.B.Ch.B. (23), B.Sc. (13), B.Rek. (7), B.Comm. (4), B.Ing. (3), en B.Econ. (1).

Talle oud-inwoners van Huis Marais was vroeër vanjaar by 'n reünie van die koshuis – wat die afgelope jaar teen sowat R1,4 miljoen opgeknap is. Hier is (agter) Chris Weyers, reünie-organiseerder, Pierre Rodrigues, primarius, prof. Jan de Bruyn, Viserektor: Bedryf, en prof. Danie du Toit, inwonende hoof, met (voor) mnr. Gert Snyman, die bouvoorman toe die koshuis in 1947 opgerig is, en ds. Tobie de Clercq, die eerste primarius.



Huis Marais hou reünie

Taiwanese Ph.D. student and wife at Stellenbosch

James and Amy Cheng-Kuen with Ilse Trautmann, in the laboratory where he will be doing most of his research.

South Africa is far removed from Taiwan in more ways than one. Despite the physical distance, language barriers and cultural differences, a Chinese couple from Taipei have made Stellenbosch their home for four years.

Cheng-Kuen Ho and his wife Shu-Wha arrived in South Africa in February this year on a research grant from the CSIR, as part of an exchange agreement which that body has with Taiwan.

He has registered for a Ph.D. in plant physiology at Stellenbosch University and will be doing research on the in vitro cultivation of *Paulownia* (a tree species in Taiwan) under Prof. Johann Visser of the Botany Department at the University.

The couple both have M.Sc. degrees in Botany and have specialised in tissue culture of plants. In Taipei, Cheng-Kuen is a researcher at the Taiwan Forestry Research Institute. His job will be kept for him while he pursues his studies at Stellenbosch.

This research institute was originally established as a nursery in 1895 and became a research organisation as far back as 1911. In order to improve forest management practices and to serve forest industries in Taiwan, the Institute carries out research in both basic and applied fields of forestry science.

Each year, the research projects developed by the staff of the Institute have to be submitted to an advisory committee for approval. Thus all the projects are designed to meet the needs of the national economical developments and fit the manpower resources as well as the funds available to the Institute.

The Ho's lifestyle in South Africa is very different from that in Taiwan. In their home country people are discouraged from owning motor cars as space is at a premium. Explains Cheng-Kuen, "When you buy a car in Taiwan, that is only the beginning of your expenses. A parking place can cost anything from R20 000 to R60 000, and taxes on cars are very high". Public transport there is very well developed and efficiently run and people tend to ride bicycles or scooters rather than drive cars.

In Stellenbosch the couple live in MacDonald House, a block of flats built by the University for the accommodation of married students. Their one-bedroomed apartment is about the same size as their dwelling in Taipei, but they are both amazed at the amount of open space available to South Africans.

On their arrival they were astounded to see a huge expanse of lawn (the Braak) in the middle of Stellenbosch not being used for cultivation or organised activity of some kind.

The language barrier has not stopped them from getting on with the business of learning about and exploring their new environment. Their English was rather poor when they arrived, but regular attendance at the University's language laboratory has improved their communication skills to such an extent that Cheng-Kuen managed to pass his learner driver's licence test recently.

They have now bought a second-hand car with which they hope to explore as much of their surroundings as possible.

According to their newly-found friend and mentor, Ilse Trautman – a researcher and herself a Ph.D. student at the Botany Department – Cheng-Kuen and his wife have also been picking up snippets of Afrikaans, but find the pronounciation very difficult.

For us who find the pronounciation of their names tricky, they have found a simple solution and chosen English names by which they are known in the West. These names are even officially reflected in their passports: Cheng-Kuen is alias James, and Shu-Wha is alias Amy.

The highlight of this charming couple's stay here so far has undoubtedly been the birth of their first child, a boy, who was born in Stellenbosch in July.

James and Amy are immensely proud of their South African addition to the family. □

Koorleier terug van intensiewe studiereis in Europa, Skandinawië

Vir Acáma Fick, dosent in musiekgeskiedenis aan die Konservatorium en die Universiteitskoorleier, was 'n intensiewe studietoer van 2½ maande deur Europa en Skandinawië vroeër vanjaar letterlik elke dag volgepak met interessante, stimulerende studie-ervarings.

Onder die hoogtepunte van haar besoek was 'n internasionale koorfees in Italië en 'n belangrike internasionale kamerkoor-kompetisie in Wes-Duitsland wat sy bygewoon het, waarnemingsbesoeke aan Europese top-kore in ses lande en "'n unieke geleentheid" om op uitnodiging Monteverdi se Vespri della Beata Vergine (1610) in Venesië by te woon.

Dit was vir haar "onvergeetlik om dié Monteverdi-meesterstuk te kon hoor in die akoestiese ruimte en teen die argitektoniese agtergrond waarin die komponis dit self as kapelmeester van die Sint Markus-basilika uitgevoer het."

Drie Engelse ensembles, die Monteverdikoor, Engelse Barok-ensemble en Londense Oratorium-juniorkoor, met John Eliot Gardiner as dirigent, het dié historiese uitvoering aangebied. Dit was deel van 'n internasionale projek, "Challenging frontiers through music," en is deur die BBC-TV en Deutsche Grammophon Geselschaft opgeneem.

Die uitvoering was die afsluiting van 'n "op-die-spoor-van-Monteverdi"-reis wat Acáma as musiekgeskiedenis-dosent by dié komponis se geboorteplek, Cremona in Italië begin het – om meer van sy lewe en werk te wete te kom.

Nog 'n hoogtepunt van die studiereis was haar besoek aan Swede waar sy die Eric Ericson-kamerkoor (wat as Europa en Skandinawië se beste gereken word) asook die Sweedse Radiokoor en Stockholmse Musiekakademie-koor besoek het om met die dirigente te gesels en te beleef hoe hulle as koorleiers oefen en werk.

Jaloers

"Die Sweedse koorlewe is 'n verskynsel wat selfs die Amerikaners jaloers maak. Swede het sowat 600 000 koorsangers wat elk minstens een keer per week koorsing, en daar is ongeveer 6 000 koorleiers. Die topkore is almal professionele loopbaankore – en die staat moedig koorsang gretig aan. Dit het my alles werklik beïndruk."

Acáma het Eric Ericson, Swede se grootmeester van *a cappella*- (onbegeleide) koorsang, ook in Amsterdam gesien werk, waar hy gasdirigent van die Nederlandse Kamerkoor was.

In Rome het sy die beroemde koor van die Akademie van Santa Cecilia en die Sistynse Kapelkoor (die Pous se amptelike koor) besoek. Laasgenoemde se geskiedenis strek terug na die heel vroegste jare van die Christelike era, en dit was vir haar 'n insiggewende ervaring om met die koorleier, monsignor Domenico Bartolucci, te gesels.

Soortgelyke besoeke is gebring aan die Cambridge-universiteitskoor en King's College-koor in dié stad. In België was sy by die repetisies van vokale en instrumentale ensembles wat in Middeleeuse en Renaissance-musiek spesialiseer – iets wat in Suid-Afrika byna nie bestaan nie. "Dit was geweldig inspirerend en stimulerend."

Sy was in Salzburg by meesterklasse wat die wêreldbekende Nikolaus Harnoncourt vir 'n koor van die Mozarteum aangebied het, "én ek was bevoorreg om die dinamiese, charismatiese Harnoncourt ook in instrumentale meesterklasse te beleef."

Acáma Fick.

Die hoë standaard by die internasionale koorbyeenkomste in Europa is opvallend, sê Acáma. Sy was in Loreto, Italië, by die 29ste internasionale koorfees van gewyde musiek en naby München, Wes-Duitsland, by 'n internasionale kamerkoorkompetisie.

Daar het kore uit letterlik elke vasteland, behalwe Afrika, opgetree. Dit was haar eerste belewenis van lewende uitvoerings deur kore van Europese Oosbloklande. Sy het onder meer die Leningradkamerkoor, 'n uitstaande vrouekoor uit Georgië en nog 'n Sowjet-koor, uit Estland, asook kore uit Oos-Duitsland, Bulgarye, Tsjeggo-Slowakye en Pole gehoor.

"Die musiekvreugde en algehele oorgawe waarmee hulle sing, is opvallend. Elke koorlid straal musiseringsenergie uit – selfs as hulle spontaan sonder 'n dirigent sing. Dit moet 'n eienskap van hulle samelewings wees. Ek het nog baie min wit Suid-Afrikaanse koorsangers met hierdie eienskap raakgeloop."

Kore uit die Verre Ooste het haar ook beïndruk – en natuurlik die briljante kore uit die Filippyne. Die Filippynse Madrigaalsangers ('n studentegroep) en 'n Wes-Duitse koor, Studio Vocale Karlsruhe, het gesamentlik die kamerkoorkompetisie gewen.

Wat haar tydens die besoek veral beïndruk het, is dat alle goeie kore se lede almal individuele sangonderrig kry, dat baie kore stembreiers ("vocal coaches") het en dat sangstudente aan konservatoriums verpligte deelname aan koorsang as deel van hul opleiding ontvang.

Sy is ook getref deur hoeveel professionele en semi-professionele kore daar bestaan, wat vir koorsangers betalende loopbane bied. Verder is sy beïndruk deur hoeveel twintigste-eeuse musiek daar uitgevoer word – feitlik die helfte van alle wedstrydprogramme.

Wat haar met besoeke aan konservatorium-biblioteke oral in Europa opgeval het, is hoe goed toegerus die US-Konservatorium se biblioteek is. Sy het ook by 'n aantal konservatoriums lesings bygewoon en met dosente onderhoude gevoer.

Naas die Sweedse Radio-biblioteek, het sy die Sweedse Musiekinstituut besoek, wat 'n unieke diens aan skeppende en uitvoerende kunstenaars ook buite dié land lewer – en onderneem het om nuusbriewe en ander publikasies gratis aan die US te stuur.

By die kamerkoor-kompetisie in Wes-Duitsland het sy met die voorsitter en ere-voorsitter van die Internasionale Koormusiekfederasie en die Amerikaanse Koorleiers-vereniging se voorsitter gesprekke gevoer, onder meer oor probleme met koorleiding in Suid-Afrika.

Sy het ook as musiekgeskiedkundige besoek afgelê by Grieg se woonplek in Bergen, Noorweë, en 'n opera-repetisie in die Grieghalle daar bygewoon. In Oostenryk was sy by Eisenstadt, naby die grens met Hongarye, waar Haydn die grootste deel van sy lewe in diens van die Estherhaz-adellikes was.

Assisi

Ook in Assisi en Rome het sy aspekte van die musiekgeskiedenis nagevors, soos die ontwikkeling van die Barok-oratorium en die rol wat geestelike leiers soos Franciskus van Assisi en Sint Filipo Neri in dié verband gespeel het.

In Switserland is Acáma genooi om 'n "Singt mit!"-uitvoering van dié land se radiodiens by te woon. Dit is 'n projek om mense by hul huise met hierdie radio-uitsendings te laat saamsing – "iets wat ons gerus ook hier in Suid-Afrika kan aanpak." □

Bevorder en aangestel

VERSKEIE senior dosente is vroeër vanjaar by die Universiteit aangestel of bevorder:

Dr. P.C.J. Maree, wat senior lektor in akkerbou en weiding was, het professor geword. Hy het al sy akademiese kwalifikasies op Stellenbosch behaal, insluitende M.Sc. Agric. met lof en 'n doktorsgraad in 1986.

Voor prof. Maree in 1974 aan die US aangestel is, was hy assistent-direkteur (navorsing) in die Departement Landboutegniese Dienste. Hy het verskeie buitelandse studiereise onderneem. Prof. Maree is ondervoorsitter van die Kaaplandse Kleingraan-ontwikkelingsvereniging asook voorsitter van die Vereniging vir Groente onder Beskerming.

Prof. I.J. Grové, voorheen van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, is as professor in musiek aangestel. Hy het aan die UOVS en in Bonn, Wes-Duitsland, gestudeer.

Prof. Grové het gebruiksmusiek vir orrel (koraalvoorspele) asook koorverwerkings gekomponeer. Hy is verder die samesteller en mede-outeur van 'n gedenkbundel oor Arnold van Wyk.

Dr. H.B. Geyer, hoofnavorser van die Instituut vir Teoretiese Kernfisika aan die Universiteit, is vanaf 1990 as professor in teoretiese fisika aangestel. Nadat dr. Geyer B.Sc. en 'n honneursgraad albei met lof op Stellenbosch behaal het, verwerf hy 'n M-graad met lof aan die Randse Afrikaanse Universiteit, en in 1981 'n doktorsgraad aan die US.

Dr. Geyer was voorheen aan die Atoomenergie-korporasie verbonde. In 1981-'82 was hy 'n besoekende navorser in Amerika. Verlede jaar is hy uitgenooi om Australië te besoek. Hy was ook verlede jaar en vroeër vanjaar as besoekende navorser in Wes-Duitsland.

Dr. A.A. van Niekerk, wat senior lektor in filosofie was, is tot professor bevorder. Hy is sedert 1981 aan die Universiteit verbonde, het in 1985 senior lektor geword en was gedurende 1985-'86 waarnemende hoof van die Departement Filosofie.

Prof. D.W. Butler, wat mede-professor in handelsreg was, het professor geword. Hy het B.Comm., LL.B. (met lof) en 'n doktorsgraad in regsgeleerdheid (1987) aan die US behaal, en is sedert 1979 aan die Universiteit verbonde. Voorverlede jaar het hy mede-professor geword. Hy is die mede-skrywer van 'n boek, en het in 1983-'84 aan die Institute for Advanced Legal Studies in Londen navorsing gedoen.

Dr. S.E. van der Merwe, wat senior lektor in publiekreg was, het professor geword. Hy het aan die Universiteit van Port-Elizabeth, Unisa en die Universiteit van Kaapstad gestudeer.

Prof. Van der Merwe was dosent aan Unisa, die RAU asook die universiteite van Zoeloeland en Wes-Kaapland voor hy vroeër vanjaar op Stellenbosch aangestel is. Hy het in 1981 regsklinieke in die VSA besoek. Sedert voorverlede jaar is hy raadgewende redakteur van die SA Tydskrif vir Strafregspleging.



Prof. Maree.



Prof. Grové.

Prof. Groenewald.

Prof. M.A. du Toit.

Prof. C.J. Groenewald, mede-professor in sosiologie, het professor geword. Al sy akademiese kwalifikasies, waaronder 'n honneurs- en M-graad, albei met lof, en 'n doktorsgraad, is op Stellenbosch behaal.

Hy is sedert 1981 aan die Universiteit verbonde, aanvanklik as senior navorser en later as senior lektor. Prof. Groenewald was ook aan die universiteite van Wes-Kaapland en Port Elizabeth verbonde.

Prof. M.A. du Toit, wat mede-professor in bedryfsekonomie was, het professor geword. Hy het gedurende 1961-'71 al sy akademiese kwalifikasies, waaronder 'n doktorsgraad, aan die US behaal.

In 1969 is hy aan die Universiteit aangestel, en het in 1980 mede-professor geword. Prof. Du Toit is sedert 1973 hoof van die Universiteit se Buitemuurse Afdeling in Bellville.

Prof. Van Niekerk het BA, 'n honneursgraad, B.Th., die Teologie-lisensiaat en MA alles met lof aan die US behaal, waarna hy in 1983 ook sy doktorsgraad op Stellenbosch verwerf het. In 1980 het hy die Kanseliersmedalje ontvang. Hy was reeds redakteur van die SA Tydskrif vir Wysbegeerte, en is mede-redakteur van drie boeke, skrywer van 'n boek asook mede-skrywer van nog een.

Prof. J.M. de Villiers, wat mede-professor in toegepaste wiskunde was, is as professor in wiskunde aangestel. Hy het B.Sc. en 'n honneursgraad, albei met lof, op Stellenbosch en 'n doktorsgraad in toegepaste wiskunde aan die Universiteit van Cambridge behaal. In 1970 was hy die ontvanger van die Kanseliersmedalje.

Prof. De Villiers is sedert 1974 aan die Universiteit verbonde. Gedurende 1977-'84 was hy leier van die Universiteitskoor.

Dr. S. van der Berg, wat senior lektor in ekonomie was, het mede-professor geword. Nadat hy aan die Universiteit van Natal gestudeer het en M.Com. aan die Universiteit van Pretoria behaal het, het hy 'n doktorsgraad in 1987 aan die US verwerf.

Prof. Van der Berg was 'n koerantman in Pretoria en ekonoom asook parlementêre verteenwoordiger van Benso voordat hy in 1982 aan die Universiteit aangestel is.

Dr. P. v.d. P. du Toit, wat senior lektor in politieke wetenskap was, het mede-professor geword. Prof. Du Toit het al sy akademiese kwalifikasies aan die US verwerf, insluitende 'n doktorsgraad in 1983.

Hy was reeds gedurende 1973-'75 aan die Universiteit verbonde, waarna hy tot 1979 dosent aan die Universiteit van Wes-Kaapland was. Sedertdien is hy weer 'n



Dr. Geyer.

Prof. Van Niekerk.

Prof. De Villiers.

Prof. Butler.

US-dosent. Prof. Du Toit, die medeskrywer van 'n vakkundige boek, dien onder meer in die Internasionale Politieke Wetekenskap-vereniging.

Dr. P.R. Nel, wat direkteur van die Instituut vir Sowjet-studie was, het medeprofessor in politieke wetenskap geword. Hy het al sy akademiese kwalifikasies op Stellenbosch verwerf, insluitende honneurs- en M-grade met lof en in 1984 'n doktorsgraad.

Prof. Nel is sedert 1982 aan die Universiteit verbonde, aanvanklik as deeltydse filosofie-dosent, later as navorser en vanaf 1986 as direkteur van die Instituut vir Sowjet-studie. Hy word as 'n Sowjetkenner gereken en het onder meer agt buitelandse studiereise onderneem. □





Proff. Van der Merwe (links), Van der Berg en P. v.d. P. du Toit.

2 EREPROFESSORE VIR VANJAAR

Organiese chemie

DR. G.J. LOURENS is vanjaar ereprofessor in organiese chemie aan die Universiteit. Hy is die bestuurder: produkontwikkeling van Delta G. Scientific, 'n suiwer Suid-Afrikaanse chemiese firma wat in die vervaardiging van kleinvolume-, hoëprys-chemikalieë spesialiseer en Suid-Afrika minder afhanklik van uitvoere probeer maak.

Prof. Lourens.

Prof. Lourens het reeds twee keer tevore lesingreekse aan US-chemiestudente aangebied.

Hy het in die vroeë jare sestig B- en M-grade aan die Universiteit van Pretoria behaal en in 1968 'n doktorsgraad in organiese chemie aan die Universiteit van Kalifornië, Santa Barbara. Daarna was hy verbonde aan die WNNR, Adcock Ingram, Sappi, Nasionale Chemiese Produkte en Fine Chemicals, asook aan die Universiteit van Pretoria as senior lektor en later weer as professor.

As US-ereprofessor bied hy vanjaar verskeie lesingreekse aan en neem deel aan nagraadse seminare. □

Bedryfsingenieurswese

DR. R.S. (RAIMUND) LOUBSER, visepresident van die SA Raad van Professionele Ingenieurs en voorheen adjunkhoofuitvoerende beampte van die Atoomenergiekorporasie, is vir vanjaar as ereprofessor in bedryfsingenieurswese aangestel.

Prof. Loubser, 'n Oud-Matie, het B.Sc. (1946), B.Sc. (Ing.) in 1948 en 'n doktorsgraad in die ingenieurswese in 1965 aan die US behaal. Die SA Akademie se goue medalje vir natuurwetenskaplike prestasies is in 1977 aan hom toegeken en verlede jaar het hy die Orde vir Voortreflike Diens, klas 1: goud, van die Staatspresident ontvang.

Prof. Loubser.

As ereprofessor bied hy gedurende die jaar 'n aantal lesings by die Universiteit aan, en help ook met die herstruktureer van die kursus in bedryfsingenieurswese.

Prof. Loubser dien reeds etlike jare in die US se Adviesraad vir Ingenieurswese. □



Mnre. De Klerk, Bosman en Pienaar.

By Ontwikkeling en Skakeling

Mnr. Piet de Klerk *is vroeër vanjaar as assistent-direkteur en bestuurder: Transvaal in die Departement Ontwikkeling en Skakeling se kantoor in Johannesburg aangestel.*

Hy het B.Comm. in 1964, 'n honneursgraad (1966) en M.Comm. in bedryfsielkunde (1967) aan die US behaal. In 1968 was hy 'n tydelike dosent aan die US.

Mnr. De Klerk was sedert 1967 aan die United-bouvereniging verbonde, aanvanklik op Stellenbosch en vanaf 1973 aan die hoofkantoor in Johannesburg. Voor sy aanstelling aan die US was hy die United se lenings-ontwikkelingsbestuurder aan die Wesrand, in Wes-Transvaal en in die Vaaldriehoek.

Mnr. Dilatus Bosman, *wat sedert laat verlede jaar as senior ontwikkelingsbeampte van die Departement Ontwikkeling en Skakeling in Johannesburg werk, is veral vir die skakeling met Oud-Maties in Transvaal verantwoordelik.*

Hy het B.Sc. in Bosbou op Stellenbosch en 'n honneursgraad aan die Potchefstroomse Universiteit behaal. Nadat hy enkele jare in die Departement Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring gewerk het, was hy aan Roodepoort se munisipale parke- en ontspanningsafdeling verbonde, waar hy tot assistenthoof: omgewing gevorder het.

Mnr. Jimmy Pienaar *is sedert Julie as koor- en orkesbestuurder aan die Departement Ontwikkeling en Skakeling verbonde. Hy is onder meer vir die Universiteitskoor, US-Strykensemble en US-Blaasorkes se administrasie en konsertreëlings verantwoordelik.*

Die afgelope twee jaar was hy hoofkultuurbeampte in Suidwes-Afrika/Namibië, nadat hy meer as twee jaar 'n kultuurbeampte by die Departement Onderwys en Kultuur in Kaapstad was. Voorheen was hy sowat 15 jaar in die onderwys, in Noord-Kaapland, Transkei en op Vishoek. Hy het aan die Oudtshoornse Onderwyserskollege gestudeer en later BA (1977) aan die US verwerf.

Daar was ook so 'n span in 1963: nie weer nie

Chris Versfeld, Bonnievale:
Na aanleiding van mnr. Chris Marx van Oos-Londen se brief "US-tennis kom 'n lang pad", in *Matieland* 3:1988 waarin hy vertel van hul 1930-Matie/Ikey-tennistoer, wil ek graag meld van nog so 'n skaars US/UK-tennisspan van 1963.

Die span was: Lannie Martin, Johan van Loggerenberg, John MacKinnon, Chris Versfeld en Paul Basson, en vier Ikeys naamlik Nico Louw, Johnny Youatt, Gwyn Roberts en Brian Arenson.

Ons speel toe teen streekspanne te Middelburg (Kaap), Somerset-Oos, Graaff-Reinet en in Port Elizabeth teen 'n klubspan en 'n uitnodigingspan waartydens beide Lannie Martin en Nico Louw kans gekry het om kragte te meet met Cliff Drysdale! Die gasvryheid van Oud-Maties en vriende by wie ons oral tuis was, kan ons nou nog voor dankie sê.

Vervoerkoste vir die drie van ons, Lannie, Paul en ek, met 'n Borgward-motor tot weer op Stellenbosch was R18,46! (teen 8,3 sent/liter).

Oud-Ikey Brian Arenson sê hy dra dikwels met groot trots sy baadjie met die "U.C.T./U.S. TENNIS 1963"-wapen daarop en ek stem saam. Tot my wete is daar nog nie weer so 'n Matie/Ikey-tennisspan gekies nie.

Vandag kan almal dankbaar wees vir die gulde geleenthede en positiewe aansporing deur die US-sportkantoor om studente-tennis te bring op 'n vlak wat van die beste is. □

Adresse, asseblief

Die Universiteit wil graag met alle Oud-Maties in verbinding bly. As u – of 'n ander Oud-Matie van wie u weet – nie *Matieland* kry nie, sal ons dit waardeer as u hierdie vorm invul* en stuur aan:
Die Redakteur, Matieland, Universiteit, Stellenbosch 7600

Titel en van:.....

Voorname: .....

.....

Studentenommer:.....

Nooiensvan: .....
Grade en/of diplomas aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle:

.....

.....
Grade en/of diplomas van ander universiteite (meld universiteit en jaartal):

.....

Geboortedatum: .....

My ou adres vir *Matieland*:.....

.....

.....
Matieland moet aan my nuwe werkadres/woonadres gestuur word. (Haal deur wat nie van toepassing is nie.)

My nuwe werkadres:.....

.....

.....

My nuwe woonadres:.....

.....

.....

**Indien u twee of meer eksemplare van Matieland ontvang, stuur asseblief albei die plakstrokies met u naam en adres saam met hierdie voltooide vorm terug.*

Die Stellenbosse Regsfakulteit 1920-1989[1]



Deur prof. A.H. (Andreas) van Wyk

(Hierdie is 'n effens geredigeerde weergawe van 'n artikel wat onlangs in Consultus, tydskrif van die Algemene Balieraad van SA, nr. 1, 1989, verskyn het).

As mens tegnies wil wees, kan jy daarop aanspraak maak dat die Stellenbosse regsfakulteit die oudste in die land is: per slot van sake is sy geboorte-akte, die *Universiteit van Stellenbosch Wet*, 13 van 1916, enkele minute vóór die geboorte-akte van sy mededinger, nl. die *Universiteit van Kaapstad Wet*, 14 van 1916, onderteken.

In hierdie twee wette is voorsiening gemaak vir die totstandkoming van die eerste twee selfstandige fakulteite van regsgeleerdheid in Suid-Afrika.

Maar, soos Dennis Cowen dit onlangs so mooi gestel het, in werklikheid het mens te doen met "not the last example of an honourable draw between Maties and Ikeys".[2] Voltydse regsonderrig op universitêre vlak het gelyktydig aan die twee suidelike universiteite begin met die ampsaanvaarding vroeg in 1920 van die eerste voltydse regsprofessore, nl. die latere hoofregter Henry A. Fagan op Stellenbosch en George Wille in Kaapstad.

Weliswaar is daar reeds sedert 1859 op 'n deeltydse basis regslesings aan die *South African College* aangebied, maar prof. Daan Pont het tereg daarop gewys[3] dat 1920 die werklike geboortejaar van akademiese regsopleiding in Suid-Afrika was.

Die beginjare 1920-1940

Die Raad van die Universiteit van Stellenbosch het in 1919 besluit om 'n leerstoel in die Romeins-Hollandse reg in te stel. Hiervoor is 'n bydrae uit die *Het Jan Maraisfonds* verkry.

Henry Fagan is aangestel en het in 1920 voorlesings begin gee, blykbaar voor 'n gehoor van aanvanklik twee en later een student. Die student wat met 'n beurs oorsee vertrek het voor die voltooiing van sy studie, was Albert Hertzog, seun van generaal J.B.M. Hertzog en self later 'n omstrede politikus. Die ander student, G.P. v.d. H. Visser, het wel sy kursus voltooi, maar is 'n paar jaar later oorlede.

Fagan was 'n veelsydige mens wat in die letterkunde, teologie en regte gestudeer het. Sy regsopleiding het hy in Leiden en aan die *Inner Temple* in Londen gekry.[4]

Regs: Prof. Mortie Malherbe.

Hy was egter net 'n jaar op Stellenbosch, en reeds aan die einde van 1920 bedank hy ten gunste van die advokatuur in Kaapstad. Sy latere loopbaan as politikus en regter was 'n roemryke een.

As Fagan se opvolger is aangestel prof. H.D.J. Bodenstein, wat as een van die drie werklike grondleggers van die Stellenbosse fakulteit beskou kan word.

Bodenstein, 'n gebore Suid-Afrikaner, het in 1907 aan die Universiteit van Leiden gepromoveer op 'n proefskrif wat



Prof. H. VerLoren van Themaat.

vandag nog erkenning geniet, nl. *Huur van Huizen en Landen volgens het hedendaagse Romeinsch-Hollandsch Recht*.

Hierna was hy, tot met sy aanstelling op Stellenbosch, professor in die Suid-Afrikaanse reg aan die Gemeentelike Universiteit in Amersterdam. Hy was deeglik onderleg in die Romeins-Hollandse reg en het 'n besondere kennis van die strafreg gehad.

Bodenstein was aan die fakulteit verbonde van 1921 tot met sy bedanking in 1927 om as eerste sekretaris die nuwe Departement van Buitelandse sake te begin. Tydens sy Stellenbosse jare was hy, vanweë sy belangstelling in die joernalistiek, ook op 'n deeltydse basis betrokke by *Die Burger*.

Nog 'n persoon met 'n joernalistieke agtergrond was die beroemde prof. W.M.R. (Mortie) Malherbe. Die universiteit was vasberade om 'n volwaardige regsfakulteit op die been te bring en het dus in Februarie 1921 'n tweede professoraat in regsgeleerdheid geskep en prof. Malherbe vanaf Mei 1921 daarin aangestel.

'n Transvaler van geboorte, het hy sowel sy skool- as sy universitêre opleiding in Nederland gekry. Verder is hy ook as advokaat van die *Middle Temple* toegelaat.

Hoewel hy voor sy aanstelling op Stellenbosch, benewens 'n tydperk as regsadviseur in die staatsdiens, ook 'n ruk lank die redakteur van *Die Brandwag* was, het hy nooit iets oor sy vakgebied gepubliseer nie, nie eers 'n proefskrif nie, want hy het nog op stellings aan die Leidse universiteit gepromoveer.

Sy roem het berus op sy rol as dosent en inspireerder van studente, promotor vir leidinggewende proefskrifte, opbouer van die regsbiblioteek en *genius loci*. Sy eerste liefde het nie soseer die Romeins-Hollandse reg gegeld nie, maar eerder die jongere vakrigtings en die Engelsregtelike instellings.

Kwaai, goedhartig

Hierdie "kwaai, maar goedhartige man"[5] was 34 jaar lank, tot met sy aftrede op 80-jarige ouderdom in 1955, die leier van die fakulteit.

Die derde lid van die stigtersdriemanskap was dr. Hendrik VerLoren van Themaat, 'n Nederlander van goeie afkoms wat eers aan die kant van die Boere kom veg het en hom later permanent in Suid-Afrika gevestig het.

Ook hy het sowel Vastelandse as Angel-Saksiese regsopleiding (en twee doktorsgrade) gehad deurdat hy hom, na sy afstudering in Nederland, in Engeland en die VSA op die studie van die Engelse staatsreg toegespits het.

Op 1 Januarie 1922 is hy aangestel as buitengewone dosent in die Stellenbosse regsfakulteit, aanvanklik sonder enige, en later ook maar teen 'n baie beskeie, vergoeding![6]

Hy was verantwoordelik vir die onderrig van Staatsreg, Volkereg en Regsleer tot met sy aftrede, ook in 1955, en deur sy lesings (in 'n mengsel van Afrikaans en Nederlands) en publikasies het hy 'n diepgaande invloed op ons publiekregtelike ontwikkeling gehad.

Twee van sy seuns, waarvan een met prof. Mortie Malherbe se enigste dogter getrou het, het ook regsprofessore elders geword.

Daar was ook 'n jonger garde in die destydse fakulteit, wat almal hulle merk gemaak het. Een van hulle was L.C. Steyn, wat 'n produk van die fakulteit was en van 1926 tot 1927 as dosent aan sy *alma mater* verbonde was voordat hy vertrek het op sy verdere loopbaan wat hom tot die hoofregterskap sou lei.

Hy was die eerste Stellenbosse student wat sy LLB *cum laude* verwerf het en in 1929 was hy, saam met Izak Van Zyl Steyn, die eerste om met 'n LLD te promoveer.

Die tweede een was die einste Van Zyl Steyn, wat reeds as LLB-student in 1927 begin het om as studente-assistent sekere lesings te gee, en daarna as dosent en professor aangestel is. Sy proefskrif oor *mora debitoris* word vandag nog geraadpleeg en sy vroeë afsterwe in 1935 was 'n groot verlies vir die jong instelling.

Sy seun, wat in 1957 'n Stellenbosse LLB verwerf het, is vandag 'n regter van die Engelse *High Court*.

L.C. Steyn is in 1928 opgevolg deur die kleurryke Andries of Andrew Beyers, wat tot 1935 dosent was voordat ook hy deur die advokatuur verlei is. Sy latere loopbaan as regter, appèlregter en Kaapse regterpresident is welbekend.

Wat is bereik in hierdie eerste fase van die fakulteit se bestaan, min of meer tot 1940?

Hoë sporte

Eerstens is 'n hele aantal studente opgelei: vanaf die eerste drie LLB-gegraduëerders in 1922 (H.H.W. de Villiers, C.G. Hall en G.P. v.d. H. Visser) tot en met 1940 is die LLB verwerf deur 109 studente.

Vele van hierdie eerste twee dekades se studente het later hoë sporte op die lewensleer bereik. Benewens L.C. Steyn en A.B. Beyers, is die Appèlhof bereik deur H.H.W. de Villiers, C.G. Hall, S. Hofmeyr, P.J. van Blerk en L. de V. van Winsen.

Ons provinsiale afdelings het die voordeel gehad van die vermoëns van J.W. van Zijl as Kaapse regter-president, en van J. de Vos en J.F. Marais.

Ook hoë staatsamptenare is gelewer: dr. H.F.J. van Rensburg was 'n jeugdige Sekretaris van Justisie, Danie Joubert, in sy tyd wêreldrekordhouer in die 100 treë, het Sekretaris van Vervoer geword, en R. McGregor het 'n hoë amp by die Staatsprokureur bereik.

In die politieke lewe het B.J. Vorster die land se hoogste ampte bereik, maar daar was ook 'n dr. T.E. Dönges en 'n Jan Haak in die Kabinet, 'n G.F. v. L. Froneman en W.W.B. Havemann in die poste van Vrystaatse en Natalse administrateurs onderskeidelik, en mense soos D.S. v.d. M. Brink, F.D. Conradie en A.C. Van Wyk in provinsiale uitvoerende komitees.



Prof. J.C. de Wet.

Op ander lewensterreine is besondere prestasies gelewer deur bv Gideon Roos as hoof van die SAUK en deur die skrywer W.A. de Klerk.

Ses gedoktoreerdes is in dieselfde tydperk geproduseer. In baie van hierdie proefskrifte is baanbrekerswerk gedoen: mens dink aan Van Zyl Steyn se reeds genoemde bydrae oor *mora debitoris*, L.I. Coertze oor trusts en J.C. de Wet oor estoppel.

Ook is die eerste twee eredoktorsgrade verleen en met die keuse kan kwalik getwis word: hoofregters Sir James Rose-Innes in 1923 en Jacob de Villiers in 1931.

Tweedens is 'n bekwame voltydse dosentekorps saamgestel, wat in 1940 die getal van vyf bereik het, waarby dit daarna meer as 30 jaar lank sou bly.

Navolging

Derdens is 'n patroon vir regsopleiding geskep wat dwarsdeur Suid-Afrika navolging sou vind. Die grondleggers van die Stellenbosse regsfakulteit het 'n leerplan opgestel wat totaal nuut was in Suid-Afrika. Daarin is veel meer ruimte aan bv. Strafreg en Staatsreg afgestaan en is blote praktiese vakke minder beklemtoon.

Volgens hulle siening, wat vandag nog in die fakulteit geld, was dit 'n regsfakulteit se taak om juriste op te lei, en nie net produkte vir die regspraktyk nie.[7]

Hierdie Stellenbosse leerplan het later as voorbeeld vir heelwat ander fakulteite gedien.

Vierdens is die grondslag gelê vir wat mens die Suid-Afrikaanse *usus modernus* kan noem.

Die drie grondleggers van die fakulteit is al drie in Nederland opgelei en was as sulks terdeë op hoogte van Vastelandse regsdenke en -literatuur. Dit was dus vir hulle vanselfsprekend dat daar by die ontwikkeling en beoefening van die Suid-Afrikaanse reg, met sy Romeinsregtelike agtergrond, deurgaans kennis gedra moes word van die Vastelandse regsgeleerdheid.

In hedendaagse akademiese regskringe is hierdie standpunt vandag bykans 'n vanselfsprekendheid, maar dit was nie sestig jaar gelede die geval nie.

Dit beteken egter nie dat daar 'n vyandigheid teenoor die groot Engelse regstradisie was en is nie: al drie die stigters het ook Engelse regsopleiding gehad. Hulle wou egter nie dat ons ryke Romeinsregtelike erfenis onnodig deur 'n Engelse golf oorspoel word nie.

Laastens is daar 'n begin gemaak met die opbou van 'n behoorlike regsbiblioteek wat by hulle uitgangspunte gepas het. Hierin het veral prof. Malherbe die leiding geneem.

'n Versameling van die werke van die ou skrywers is opgebou wat vandag nog as een van die bestes in die land beskou word; dit is in die 1940's voltooi deur die aankoop van prof. Bodenstein se omvangryke versameling uit sy bestorwe boedel. Ook is 'n behoorlike kernversameling van Vastelandse bronne tot stand gebring.

Die groot geeste 1940-1970

Die volgende dertig jaar in die fakulteit se bestaan kan as 'n tydperk van konsolidasie beskryf word. Daar is gebou op die grondslae van die stigters, daar is begin met 'n Afrikaanse regsliteratuur, en studente het 'n deeglike opleiding, gebaseer op beginsels, ontvang.

Die dosentekorps is ook gekenmerk deur 'n merkwaardige, en weldadige, stabiliteit. Beskou uit die hoek van vandag, is die aktiwiteite van hierdie korps die uitstaande kenmerk van hierdie periode, wat mens daarom die tyd van die Groot Geeste kan noem.

In 1936 is twee oud-studente van die fakulteit, J.C. de Wet, afkomstig uit die Grensgebied van Oos-Kaapland, en W.M. van der Westhuizen, 'n boorling van Noord-Kaapland, as dosente aangestel. Albei sou meer as 35 jaar lank in die personeel bly, prof. De Wet tot 1972 en prof. Van der Westhuizen tot 1976.

J.P. Yeats, 'n Argentynse Afrikaner van geboorte, is in 1939 as tydelike, en in 1940 as permanente, dosent aangestel. Hy sou bly tot 1965, toe hy hom voltyds aan die handelswêreld gaan wy het.

Saam met prof. Malherbe en dr. VerLoren van Themaat sou hierdie vyfmanskap die personeel uitmaak tot 1955, 'n tydperk wat mens miskien as die klassieke tyd van die Stellenbosse fakulteit kan beskryf.

Met die aftrede van die laaste twee stigters in 1955 is hulle opgevolg deur A.B. de Villiers, wat as Stellenbosse prokureur reeds geruime tyd deeltyds klas gegee het, en K.F.J. Schwietering, nog 'n oud-student afkomstig uit 'n bekende Duitse familie uit Suidwes-Afrika en toe dosent aan Rhodes.

Prof. De Villiers het sy emeritaat in 1982 aanvaar en prof. Schwietering syne in 1983.

Rondom hierdie kern van voltydse dosente was 'n wisselende korps van deeltydse en tydelike helpers, veral op die terrein van die Burgerlike Prosesreg.

Bekendheid

Verskeie van hulle sou later bekendheid verwerf: adv. A.H. Broeksma, adv. A.L. Arendhold, adv. dr. C.G. Hall (die reeds genoemde latere regter-president en appèlregter), die latere Kaapse regter-president J.W. van Zijl, dr. T.E. Dönges ('n latere aangewese Staatspresident), D.P. de Villiers (''Lang Dawid'') van Wêreldhof- en Nasionale Pers-faam, oud-regter Jan Steyn (nou van die Stedelike Stigting), die reeds vermelde G.F. v. L. Froneman, en W. Vivier, wat nou in die Appèlhof sit.

Die prestasies van hierdie tydperk lê veral op twee terreine: die opleiding van studente, sowel voor- as nagraads, en die uitbou van 'n eie regsliteratuur.

Van 1941 tot en met 1970 is die LLB-graad toegeken aan 551 studente, wat 'n aansienlike versterking van ons beperkte regsmannekrag beteken het. Vele van hulle sou diep spore in ons regslewe en elders trap.

Daar is te veel om almal genoem te word, maar die terrein is breed: die pas-afgetrede hoofregter, P.J. Rabie; appèlregters soos H.J.O. van Heerden en W. Vivier; regters soos L.W.H. Ackermann (nou professor in die fakulteit), W.H. Booysen, M.R. de Kock, W.J. Hartzenberg, C.T. Howie, A.J. Lategan, D.J. Lombard, H.C. Nel, P.M. Nienaber, J.P. Roux, P.J. Schabort, E.H. Stafford, G.J.C. Strydom, J.J. Strydom en P.J. van der Walt; prokureurs-generaal soos J.E. Nöthling, T.N. Louw, Niël Rossouw en Klaus von Lieres und Wilkau; leiers van die prokureursberoep op nasionale sowel as provinsiale vlak soos Louis van Zyl, Basil Wunsh, Ewald Fichardt en Johan Potgieter (lid van die Hoexter-kommissie); akademici wat aan verskeie universiteite hulle Stellenbosse benadering oorgeplant het, bv. A.C. Cilliers jr., A. Copeling, F.J. de Jager, Wouter de Vos, C.J.R. Dugard, W.J. Hosten, W.A. Joubert, I. Leeman, M.J. Oosthuizen, N.J. van der Merwe, L.H. van Huyssteen, B. v. D. van Niekerk, en F.J. van Zyl; 'n vorige Speaker en die huidige voorsitter van die Presidentsraad, mnr. J.W. Greeff; politici van alle partye soos Bux Fouché, Chris Heunis, J.H. (''Kleppies'') Heyns, Fanie Jacobs, Kobus Meiring, Pio Meyer, N.J.J. Olivier, Louis Stofberg, Tertius Delport, Eben van Zyl en Gene Louw; sakemanne van die formaat van Dawid de Villiers van Sasol, J.G. van der Horst van Ou Mutual, Koos Rupert van Rembrandt, Gys Steyn van die wynbedryf, en Christo Wiese van Pepkor; ambassadeurs soos J.B. Shearer en A.M. Harvey (wat met 'n LLB-klasmaat, Ena Rossouw, getrou het); 'n letterkundige in die persoon van Stephanus (Etienne) le Roux; en 'n Natalse koerantredakteur, Richard Steyn.

In dieselfde tydperk is die LLD aan tien persone toegeken en weer eens het die proefskrifte van onder andere 'n H.L. Swanepoel, J.P. Yeats, W.M. van der Westhuizen, A.B. de Villiers, W.A. Joubert, F.E.O'B Geldenhuys en Bux Fouché baanbrekerswerk gedoen op terreine so uiteenlopend soos die Strafreg, die Huweliksgoederereg, die Erfreg, die Verbintenissereg, die Kerkreg en die Staatsreg.

Met die LLD *honoris causa* is daar suinig omgegaan: slegs drie keer is dit tussen 1931 en 1970 verleen, telkens aan 'n verdienstelike oud-Stellenbosser, en wel in 1957 aan die fakulteitsvoorloper en hoofregter, H.A. Fagan, en in 1966, die Universiteit se eeufeesjaar, gelyktydig aan B.J. Vorster en ''Lang Dawid'' de Villiers.

Prof. W.M. van der Westhuizen.

In 1966 kon daar trots geskryf word: ''Op één uitsondering na is al die handleidings op die gebied van die regsgeleerdheid wat tot dusver in Afrikaans gepubliseer is, deur oud-studente van hierdie fakulteit geskryf.''[8]

Vandag kan dit (gelukkig) nie meer gesê word nie en vloei daar 'n aansienlike stroom aan Afrikaanstalige regsliteratuur uit talle penne, waaronder dié van baie oud-Stellenbossers.

Maar die baanbrekersrol van 'n H.L. Swanepoel, 'n J.P. Yeats en veral J.C. de Wet is 'n historiese feit. Hulle het in baie opsigte 'n Afrikaanse regstaal geskep, met wortels in Nederlands, Duits en Engels, maar aangepas by ons eie omstandighede en behoeftes.[9]

Dit was egter nie net in die taalmedium wat daar iets nuuts tot stand gekom het nie. Daar is ook 'n nuwe standaard van wetenskaplikheid gestel, 'n nuwe benadering tot ons regswortels wat in ooreenstemming met die analitiese, regshistoriese en regsvergelykende uitgangspunte van die ''Stellenbosse skool'' was.

Jare van groei: vanaf 1970

In 1943 was daar vyf dosente in die Stellenbosse regsfakulteit en het daar 19 LLB's afgestudeer. In 1963 was dieselfde aantal dosente se produksie aan LLB's 20. Vanaf die middel van die 1960's begin daar egter 'n aanvanklik stadige, en later 'n bykans eksponensiële, groei in studentegetalle: 1972 se 53 toegekende LLB-grade het teen 1986 meer as verdubbel tot 113.

Uiteraard moes ook dosentegetalle begin toeneem. Hierdie mees onlangse fase in die fakulteit se ontwikkeling kan mens dus die tydperk van groei noem.

A.H. van Wyk is in 1966 in die plek van J.P. Yeats aangestel. Dit bly dus 'n vyfmanskap. Maar aan die begin van 1973 word gelyktydig drie nuwe aanstellings gemaak van vars jong manne: F.D.J. Brand, M.M. Loubser en G.F. Lubbe, waarvan laasgenoemde twee vandag nog as professore in die fakulteit is.

Kort hierna word die eerste ''buitebloed'' sedert die stigtingsjare ingevoer: einde 1974 C.G. van der Merwe, 'n Vrystaatse en Oxfordse produk, en begin 1976 H.J. Erasmus en M.A. Rabie, wat hulle regsopleiding aan onderskeidelik die Universiteite van Suid-Afrika en Pretoria ontvang het.

Deur die jare volg verdere aanstellings, soms uit die geledere van eie produkte, soms vanuit ander stalle.

Organisatories

Vandag het die vyfmanskap aangegroei tot agtien volle dosente, waarvan elf professore en een 'n mede-professor is. Hulle word bygestaan deur 'n verdere vyf tydelike junior dosente.

Ook op organisatoriese gebied is daar aangepas. In 1981 is daar oorgegaan tot die verdeling van die fakulteit in drie departemente, te wete Handelsreg, Privaatreg en Romeinse Reg, en Publiekreg.

Ondersteunende personeel in die vorm van sekretaresses het ver gekom sedert die eerste deeltydse tikster in 1964 in diens geneem is. En die jongste aanwins is 'n voltydse direktrise vir die regskliniek, bekostig uit fondse wat die prokureursberoep verskaf het.

Van 1971 tot en met 1987 is die LLB-graad aan altesaam 1 152 afstuderendes toegeken, d.w.s. aan bykans twee keer soveel studente as in die voorafgaande vyftig jaar van die fakulteit se bestaan. Selfs uit hierdie jonger garde het verskeie al 'n openbare merk gemaak, bv as regslui, akademici, parlementslede, sakemanne en selfs uitvoerende kunstenaars. Maar dit is nog te vroeg om name te begin uitsonder.

'n Nuwe graad het in 1976 sy verskyning gemaak met die toekenning van die eerste twee LLM's, een daarvan aan 'n vrou. Tot op hede is daar al 14 Stellenbosse LLM-skripsies aanvaar.

Opgedroog

Nadat LLD's in die sestigerjare feitlik opgedroog het, is hierdie graad vanaf 1971 weer by ses verskillende geleenthede toegeken, en wel op terreine wat gewissel het vanaf die Kontraktereg tot Handelsmerke.

En oud-studente is drie keer met die LLD *honoris causa* vereer: In 1982 weer eens 'n hoofregter, P.J. Rabie; in dieselfde jaar prof. J.C. de Wet vir sy bydrae as regswetenskaplike; en in 1984 J.G. van der Horst, wat onlangs ook ingehuldig is as Kanselier van die Universiteit. So pas is ook Tony Honoré van Oxford se regsfakulteit so bekroon.

In sy 70ste jaar probeer die Stellenbosse regsfakulteit nog steeds om sy tradisies uit te leef en sy erfenis uit te dra, sowel in sy onderrig as in sy navorsing en publikasies: daar word juriste voorberei, nie wetskenners nie, en daar word regswetenskaplike werke geskryf, nie wetskompilasies nie.



Prof. Andreas van Wyk, skrywer van dié artikel.

Terselfdertyd trag hy om hom aan te pas by 'n snel veranderende omgewing en om sy menslike en penneprodukte bruikbaar te maak in die moderne Suid-Afrika.

Hierdie veranderings word gereflekteer in die fakulteit se studentekorps en in sy leerplanne. Daar is bv. damesdosente en 'n aansienlike persentasie damestudente.

Die fakulteit beywer hom nog altyd vir die Afrikaanse regstaal en trek die meeste van sy studente uit die Afrikaanse gemeenskap; maar hy het ook oor die jare aansienlike getalle Engelssprekendes opgelei, en het nou ook sy eerste studente uit ander kultuurgemeenskappe begin trek.

Vakke soos Arbeidsreg, Arbitrasiereg, Deeltitels, Maatskappy-oornames en Menseregte word nou as vakkeuses aangebied.

Daar bly egter steeds een deurlopende maatstaf waaraan die fakulteit homself meet: uitmuntendheid.

VOETNOTE

1 Vir die gegewens oor die fakulteit se eerste vier dekades is ruimskoots gebruik gemaak van twee bronne, waaraan met dank erkenning gegee word. Die eerste is 'n artikel van prof W.M. van der Westhuizen in 'n bylae tot *Die Burger* van 28 September 1966 ter geleentheid van die 100-jarige viering van hoër onderwys op Stellenbosch. Die tweede is bl. 489 – 492 van die gedenkboek wat by dieselfde geleentheid verskyn het onder die titel *Stellenbosch 1866 – 1966. Honderd Jaar Hoër Onderwys* (hierna *100 jaar*).
2 In 1988 *THRHR* 4, 11.
3 1961, *Actua Juridica*, 58, 80 – 81
4 Vir 'n lewenskets, sien die huldeblyk deur hoofregter L.C. Steyn, in 1964 *THRHR* 1.
5 W.M. van der Westhuizen in *Die Burger* van 28 September 1966.
6 'n Navolgenswaardige voorbeeld vir hedendaagse regsdosente?
7 *100 jaar* 490.
8 *100 jaar* 490.
9 Sien A.H. Van Wyk in 1988 *THRHR* 2, 3. □

Prof. A.P. Grové lewer 2de Opperman-gedenklesing

Prof. Grové (regs agter) is hier in die voorportaal van die H.B. Thom-teater net voor hy die D.J. Opperman-gedenklesing aangebied het, saam met, van links, mev. Renée de Vries, die rektorsvrou, dr. Jan van der Horst, Kanselier en 'n swaer van prof. Grové, prof. Lina Spies, dosent in Afrikaanse letterkunde wat die aanbieding van die lesing gereël het, prof. Mike de Vries, Rektor en Vise-kanselier, mev. Henriette Grové, vrou van prof. Grové en self 'n bekende skryfster, en mev. Marié Opperman, prof. Dirk Opperman se weduwee. Prof. Opperman het as dosent in Afrikaans aan die US afgetree en ook 'n eredoktorsgraad van die Universiteit ontvang.

'n BEKENDE LITERATOR, prof. A.P. Grové, voormalige hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands asook dekaan van lettere en wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria, het vroeër vanjaar die US se tweede D.J. Oppermangedenklesing gehou. Die Rektor en Visekanselier bied dié belangrike lesing elke twee jaar in samewerking met die Fynproewersgilde aan.

Prof. Grové het hom as een van die grootste kenners van Opperman se poësie onderskei. Hy het in sy lesing, "Denke oor die poësie, teoretisering en Opperman se digterskap", oortuigend bewys dat 'n hele literêre teorie en 'n bepaalde manier van poësie lees rondom Opperman se digwerk tot stand gekom het.

Hy het aangetoon hoe die verskyning van die werk van Opperman 'n nuwe kritiese instelling en werkwyse genoodsaak het. Prof. Grové se lesing het sy oortuiging beklemtoon dat die primêre posisie van die teks as lees- en studie-objek nie deur 'n spel met teorieë aangetas behoort te word nie.

Die lesing het onmiddellike weerklank gevind in die hedendaagse Afrikaanse literêre lewe. □

Mrs. Erika Knye and Prof. Bessie Visser from the Department of Home Economics with Prof. Maureen Grasso from the University of Texas.

Expertise in home economics

IN JUNE THIS YEAR the Department of Home Economics at the University had the honour of being host to two academics from the USA, namely Prof. Roberta L. Null and Prof. Maureen Grasso.

Prof. Null is an Associate Professor at San Diego State University's School of Family Studies and Consumer Sciences. Her expertise lies in the field of Housing and Interiors, with her special area of interest being housing for the aged and the disabled.

Prof. Null and Dr. Ria van Wyk, senior lecturer in the Department of Home Economics at Stellenbosch, both presented papers at the 9th two-yearly National Housing Congress 1989 in Sandton. In this way various developers and planners of housing projects were informed of the essential role and contribution of the home economist in the housing process.

Emphasis was placed on the role of the home economist as both community coordinator, as well as planner and presenter of adult education programmes in the development of housing projects.

In turn, Prof. Maureen Grasso from the Department of Home Economics of the University of Texas, conveyed her knowledge of textiles and clothing. Topics on which she presented lectures to students and staff at Stellenbosch were Micro Computer Applications in Teaching Advanced Textiles, as well as Residential Engergy Conservation. The latter was aimed specifically at the effectiveness of various roller shade systems in conserving energy in residential space heating.

Due to her exceptional contribution to this field of study, Prof. Grasso received the "Outstanding Young Women of America" award in 1982 and 1983.

Before returning to the United States she was a guest speaker at the 7th two-yearly congress of the South African Dietetics and Home Economics Association in Potchefstroom. □

Prof. Roberta Null (right) from San Diego State University with Dr. Ria van Wyk of the Department of Home Economics.

Anna Bender in Endlersaal

Om geld in te samel, het die US-Vroueveniging 'n program van Victoriaanse en Edwardiaanse salonmusiek, uitgevoer deur die Pretoriase pianiste Anna Bender, in die Endlersaal aangebied. Mej. Bender (middel) is hier by mev. Doris Conradie, voorsitster van die vereniging, en drie bestuurslede, mevv. Antoinette Pienaar, Amy van Niekerk en Sandra Kleynhans.

IN MEMORIAM

Matieland het met leedwese verneem van die heengaan van die volgende Oud-Maties en andere wat 'n verbintenis met die Universiteit gehad het:

Prof. S.R.F. Göldner (72) van Stellenbosch. Hy het B.Sc. (1936) en M.SC. (1937) aan die US behaal asook 'n doktorsgraad aan die Universiteit van New York. Van 1942 tot sy aftrede aan die einde van 1981 was hy dosent in wiskunde aan die US. In 1958 het hy professor geword.

Prof. Steven de Groote (36), internasionaal gevierde pianis, wat in 1986-'87 ereprofessor in musiek aan die US-Konservatorium was; die enigste wat tot dusver 'n ereprofessoraat in musiek op Stellenbosch beklee het. Ná sy skooloppleiding in die Eikestad – waar sy pa, Pierre, destyds 'n viooldosent aan die Konservatorium was – studeer Steven in Kaapstad, Europa en Amerika. In 1977 wen hy die gesogte, vierjaarlikse, internasionale Van Cliburn-klavierkompetisie, wat kontrakte met die belangrikste musieksentra in Europa en die VSA verseker het.

Prof. Steven de Groote.

Hy was resident-kunstenaar aan die Texas Christian University in die VSA. Ook in Suid-Afrika, waar hy steeds gereeld opgetree het, het hy 'n groot aanhang gehad. In die twee jaar wat hy ereprofessor was, het hy meesterklasse aan die Konservatorium aangebied en ook in die Endlersaal opgetree. Sy broer, Oliver, is al vir baie jare 'n deeltydse klarinetdosent aan die Konservatorium. Prof. Steven de Groote was 'n geesdriftige vlieënier, en het wonderbaarlik herstel nadat hy in 1985 in Amerika in 'n ernstige vliegongeluk was.

Dr. Wynnie Schumann (gebore Perks) (86) van Stellenbosch, 'n Oud-Matie (BA, 1926) wat in 1983 'n eredoktorsgraad van die US ontvang het en vir haar opheffingswerk, veral onder vroue, selfs in die buiteland aansien verwerf het. Sy was die weduwee van prof. C.G.W. Schumann, stigterslid en eertydse dekaan van Handel en Administrasie, wat in 1965 'n eredoktorsgraad van die US ontvang het.

Dr. Schumann het die Kaaplandse Vrouelandbouvereniging vir dekades gedien, o.m. as presidente (1955-'64). In 1965 was sy die Wêreldbond van Plattelandse Vroue se streek-ondervoorsitster. Sy het gedurende 1959-'77 die bond se driejaarlikse kongresse bygewoon – verskeie kere as SA afgevaardigde. Die SA Unie van Huisvroueklubs is in 1961 deur haar toedoen gestig.

Dr. Wynnie Schumann.

'n Internasionale toekenning, die Adelaide Ristori-diploma en -medalje van Italië, is in 1977 aan haar verleen, asook die Orde vir Voortreflike Diens in 1978.

Mnr. A.M. (André) de Jager (45) van Stellenbosch; direkteur van die US se Sentrum vir Elektroniese Dienste (SED). Hy het B.Sc., B.Ing. (1966) en M.Ing (1978) verwerf en in 1967-'68 met 'n studiebeurs in Brittanje gestudeer. Mnr. De Jager was sedert 1971 senior lektor in elektroniese ingenieurswese aan die US. Vanaf 1983 was hy deeltyds direkteur van die SED en sedert begin 1988 heeltyds in dié pos.

Prof. S.R.F. Göldner.

Hy was in 1978 'n stigterslid van die Komitee van Universiteits-dosentevereenigings, waarvan hy in 1981 voorsitter was. In 1982 was hy met studieverlof in die Ooste en in Amerika, vir navorsing in die Republiek van Sjina en aan die Universiteit van Maryland asook 'n besoek aan Japan.

Mnr. De Jager het vroeg in Junie vanjaar 'n hartoorplantings-operasie in die Groote Schuur-hospitaal ondergaan, maar hoewel hy besig was om goed te herstel, is hy vroeg in Julie oorlede.

Mnr. J.P.J. (Japie) van der Westhuÿsen (82) van die Paarl, wat nege jaar aan die US gestudeer het; BA, SOD en B.Ed. gedurende 1927-'35 behaal het, asook aan die Kweekskool afgestudeer het. Hy wou as sendeling na die destydse Nyassaland gaan, maar kon dit om gesondheidsredes nie doen nie en besluit om onderwyser te word. Hy het skoolgehou op Nieuwoudville, aan die Paarlse Hoër Jongenskool (1944-'66) en die Paarlse Hoër Handelskool.

Mnr. S. (Fanie) Theron (79) van Gordonsbaai, wat B.Sc. en LSOD in 1921 behaal het. Hy het gedurende 1964-'76 in die Universiteitsraad gedien. Hy was 'n voormalige direkteur van onderwys in Kaapland.

Ds. D.W.A. Pretorius (71) van Riversdal; wat tot sy aftrede in 1983 NG gemeentes in Bellville en Durban asook op Gansbaai, Okahandja en Albertinia bedien het. Nadat hy aanvanklik gaan boer het, studeer hy gedurende 1945-'51 op Stellenbosch, waar hy ook vir die eerste rugbyspan gehaak het.

Dr. A.H. Mertsch (89) van Somerset-Wes, wat B.Sc. in 1924 behaal het, en ook aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer het, waarna hy 'n doktorsgraad in Duitsland verwerf het. Hy was aan die SA ambassades in Swede en New York verbonde voordat hy in 1953 ambassadeur in Wes-Duitsland en in 1964 ambassadeur in Portugal geword het.

Mnr. A.B. Rust (79) van Grabouw, wat B.Sc. Agric. in 1931 en SOD (1932) behaal het.

Mnr. J.F. Bosch (88) van Mosselbaai, wat HPOD in 1925 op Stellenbosch verwerf het.

Mnr. André de Jager.

Mnr. J.F. Kirsten (59) van Stellenbosch, wat B.Sc. Agric. in 1950 behaal het.

Mev. L.E. (Leonor) Coetzee (gebore van der Spuy) (56) van Verwoerdburg, wat 'n Huishoudkunde-diploma (1952) en HPOD (1954) behaal het. Sy was Harmonie se primaria in 1954. Haar man, Frikkie Coetzee, het B.Sc. Agric in 1954 behaal. Sy was in 1955-'56 'n onderwyseres op Oudtshoorn en aan die meisieskool Eunice in Bloemfontein.

Dr. D.J. Barnard (88) van Viljoenskroon, OVS; wat vir tien jaar 'n onderwyser in die Vrystaat was voordat hy BA (1933) en MA (1936) albei met lof op Stellenbosch verwerf het. In 1942 verwerf hy D.Phil. Nadat hy vier gemeentes bedien het, was hy vir 17 jaar skriba van die NG Kerksinode in die OVS. Hy het ook 15 jaar in die Raad van Kerke gedien, was lid van 'n tussenkerklike kommissie, en het hom vir samewerking tussen die drie Afrikaanse kerke beywer. Hy het verskeie boeke en ander publikasies die lig laat sien.

Mnr. B.R. Coetzee (26) wat BA in 84 behaal het.

Mev. Estine van der Worm (38) (gebore Fick) van Table View, wat BA (1971) en SOD (1972) behaal het. Sy was 'n boorling van Bredasdorp en was met haar dood 'n onderwyseres aan die Hoërskool Westerford, Rondebosch.

Mnr. G.J. van Dyk (86) van Huis Lettie Theron, Hermanus, wat B.Sc. Agric. (1929) en B.Ed. (1931) behaal het. Sy weduwee is ook 'n oud-Matie.

Mnr. C.P.H. Geldenhuys (78) van Hopetown. Hy het B.Comm. (1932) en SOD (1933) behaal.

Mnr. L.V.H. van der Veen (71) van Oos-Londen, wat B.Sc. in 1946 behaal het.

Mnr. H.P. Jordaan (69) van Bellville. Hy het BA in 1938 asook MA in Latyn en SOD (albei 1941) behaal. Nadat hy op verskeie plekke onderwyser was en as eksaminator vir Latyn opgetree het, was hy die onderhoof op Cradock.

• Besonderhede oor wyle prof. Charles Fensham van Stellenbosch, was te laat vir dié uitgawe en sal in Matieland 3:89 verskyn. □

Stellenbosch in September: Kunsfees bied weer baie

STELLENBOSCH se tweede jaarlikse kunsfees (22 September – 1 Oktober) bied 'n ideale geleentheid vir Oud-Maties en andere om 'n feestelike Eikestad in al sy lenteprag te besoek – met 'n vol program van musiek, toneel en die visuele kunste. 'n Feesatmosfeer gaan verder met straatkunstenaars en -stalletjies, ligte musiekuitvoerings, 'n filmfees, 'n wyntuin, en 'n kerslig-wandeling gewaarborg word.

Die Stellenbosch-fees bied onder meer 'n dosyn musiekuitvoerings – insluitende 'n première – deur voorste kunstenaars in die Endlersaal op die kampus. Spesiale toneelopvoerings kom in die US se H.B. Thom-teater op die planke en die Dramadepartement gaan poppekas- en jeugteatervertonings aanbied.

Op musiekgebied is daar ook 'n Sondagmiddag-orreluitvoering (1 Oktober) in die NG Moederkerk deur US-musiekdosent dr. Roelof Temmingh en sy pa, Roelof Temmingh sr.; 'n reeks skemerkonserte wat die Oude Meester-Stigting op die Uitkyk-landgoed aanbied; 'n kabaretuitvoering deur Jennifer Ferguson in die Stellenbosch Boerewynmakery-restaurant; en die Kuesta-koorfees.

In en om die Eikestad sal 'n 20-tal kuns- en ander uitstallings te sien wees. Dit sluit in die omvattendste versameling nog van die gevierde Owambo-kunstenaar John Muafangejo (wat in 1987 oorlede is) in die US-Kunsmuseum in Dorpstraat. Die werk van Stanley Pinker, gouemedalje-wenner van Kaapstad se 1985-Triënnale, sal ook te sien wees.

Hoewel die klem van die fees op musiek, toneel en die visuele kunste val, word heelwat ligte vermaak aangebied, sê mnr. Pietman Retief, 'n bekende Oud-Matie en voorsitter van die feesorganiseerder, die Stellenbosse Reklamevereniging.

Op die twee Saterdae van die fees gaan Kerkstraat vir verkeer gesluit word en teen 'n feestelike agtergrond van straatmusikante, dansgroepe en kosstalletjies sal kunshandwerk uitgestal en verkoop word. Restaurante, hotelle en wynlandgoedere gaan met spesiale spyskaarte en ligte musiek tydens etes tot die feesatmosfeer bydra.

Die fees is in die Universiteits- en skolevakansie, en word afgesluit met 'n swierige bal by die Hotel Lanzerac, wat vanjaar se fees met R60 000 borg.

Die program vir die Endlersaal:

22 September: KAAPSTADSE SIMFONIE-ORKES o.l.v. Elyakum Shapirra. Solis: Gina Beukes (viool).

23 September: Jaarlikse ATKV-Forté-finalistekonsert.

24 September: ORRELUITVOERING op die Konservatorium se beroemde Marcussen-orrel deur James Parsons, dinamiese jong orrelis van Engeland.

25 September: KLAVIERUITVOERING deur Wolfram Lorenzen, befaamde jong Wes-Duitse pianis.

26 September: KLASSIEKE KABARET – 'n uitvoering deur Virginia Oosthuizen (sopraan), De Wet van Rooyen (bariton) en Lamar Crowson (klavier) van klassieke kabaretliedere deur komponiste soos Schönberg, Satie, Kurt Weil, Benjamin Britten en George Gershwin: Behoort in die populêre smaak te val.

27 September: DIE ENDLER-TRIO – Oliver De Groote (klarinet), Eric Rycroft (altviool) en Albie van Schalkwyk (klavier). Een van die mees gesogte SA kamermusiek-ensembles.

28 September: UITVOERING deur Jürgen Schwietering (viool) en Lamar Crowson (klavier).

29 September: KUNSLIEDERE deur Mimi Coertse (sopraan), Werner Nel (bariton) en Albie van Schalkwyk (klavier): 'n Populêre program.

30 September: KRUIK-STRYKKWARTET – 'n kamermusiek-uitvoering.

1 Oktober: JOERNAAL VAN JORIK – 'n toondig vir spreekstem, elektroniese klankbaan en instrumentale ensemble deur Roelof Temmingh, met D.J. Opperman se epiese gedig as grondslag, en die teks volledig voorgedra. Die teks word vooraf op band opgeneem en "begelei" deur elektroniese musiek (op band) en 'n ensemble bestaande uit orrel, klavier, slagwerk, strykers en houtblasers: Die première van dié werk.

30 September en 1 Oktober: Twee kort laatmiddag-uitvoerings deur DIE RAUKERS – 'n Johannesburgse vokale mannegroep.

Kaartjies en plekbesprekings vir al dié uitvoerings by enige Computicket-tak.

DRIE LESINGS word met die fees in die US-Kunsmuseum aangebied, deur Rose Korber (26 September) oor "New German Museums – temples for a secular age"; dr. Janette Deacon (27 September) oor 'n vergelyking tussen SA steentydperk-rotskuns met dié in Australië en Frankryk; en Lou O'Meara oor "The vocabulary of printmaking." Begintyd telkens 17:30. □

Oud-Maties hou geesdriftig reünie in Noord- en Oos-Transvaal

AGT SAAMTREKKE is vroeër vanjaar vir Oud-Maties in Noord- en Oos-Transvaal gehou. Die saamtrekke was op Nylstroom, Pietersburg, Louis Trichardt, Tzaneen, Phalaborwa, Lydenburg, Nelspruit en Sabie.

Verskeie van die saamtrekke is deur feitlik al die Oud-Maties van die betrokke dorp en omgewing bygewoon. Oral is saam met mede-Oud-Maties gekuier, en het die harte weer warm geklop vir die Alma Mater daar doer in die verre suide.

Mnr. Dilatus Bosman van die Departement Ontwikkeling en Skakeling se kantoor in Johannesburg was by die reëlings vir al die saamtrekke betrokke, en mnr. Piet Lombard, direkteur van die departement, het almal bygewoon. Oud-Maties het oral met die reëlings gehelp.

Hier en op die volgende twee bladsye verskyn enkele foto's wat by vyf van die saamtrekke geneem is.

Nelspruit



Regs bo: Estia en Gid Joubert (links) by die Nelspruit-saamtrek saam met Annelie Terreblanche en haar man, dr. Jons Terreblanche, direkteur van die Navorsingsinstituut vir Sitrus- en Subtropiese Vrugte. Die funksie is by dié instituut gehou.

Tweede van bo, regs: Ook onder die sowat 65 mense by die Nelspruit-funksie was Anna Swart, Egon Koekemoer, en Annelize Joubert.

Derde foto, regs: Chris du Toit en Andries Lesch saam met Bertus van der Merwe en sy vrou, Anschen, ook op Nelspruit.

Regs, onder: Mnr. Piet Lombard (links) by dié funksie saam met Piet de Klerk, assistent-direkteur van ontwikkeling en skakeling (en bestuurder: Transvaal) in Johannesburg, Dilatus Bosman, dr. Etienne Rabe (regs agter) asook Frances en Niekie Deetlefs.

Lydenburg

BO: By die Lydenburgse Oud-Matie-saamtrek was, agter: Hendrik Neethling, Piet Niewenhuizen, Wikus du Preez, Eric Johnson, Neels Pieters en André le Grange. MIDDEL: Frank Spratt, Linda Niewenhuizen, Marie du Preez, Minnie King, Anne Neethling, Heidi Johnson, Adeline Pieters, Juanita Verbeek en Zoldie le Grange. VOOR: Faan Nel, Dilatus Bosman, Piet Lombard, Piet de Klerk (lg. drie van die Departement Ontwikkeling en Skakeling) en Herman Verbeek, voorsitter van Lydenburg se Oud-Matie-skakelkomitee.



Sabie

BO: Die saamtrek op Sabie is onder meer bygewoon deur, agter, Ian Sandeman, Pieter Viljoen, Stewart Christie, en voor, Carrol van Dijk, Rike Viljoen en Edna Böhmer. REGS: (dr.) Robbie Nel en Wendy Nel (Malan). ONDER: (agter) Hennie Engelbrecht, Jan van der Syde, Vic Luyt, Johan van Heerden, Ockert le Roux en (voor) Catinka Engelbrecht, Leonie van der Syde, Liese Luyt en Lydia van Heerden.

Phalaborwa

BO: Sowat 50 mense was by Phalaborwa se Oud-Matie-saamtrek, wat by die offisiersmenasie van die weermagbasis buite die dorp gehou is. Onder die aanwesiges was Dries van Tonder (agter), Marie van der Merwe asook Hannelie en Jan Retief.

Bo: John en Loukies Visser, Erika Faul, Lou en (prof.) Pieter Claassen en Frans Faul was onder die sowat 120 mense wat die Oud-Matie-saamtrek in die Weermag-sportklub by die lugmagbasis op Pietersburg bygewoon het.

Pietersburg

Links onder is dié dorp se oudste Oud-Matie, mev. Raal van Heerden (80), wat die heildronk op die US ingestel het, saam met Elizabeth Duminy. Onder: Jan en Marietjie Stemmet.



Links: Die legendariese Koos Meyer (middel) op die Pietersburgsaamtrek by Igme Terblanche en (dr.) Chris van Zyl, sekretaris van die Oud-Matie-skakelkomitee op die dorp. Mnr. Meyer het as geleentheidspreker by die saamtrek die gaste laat skaterlag met staaltjies uit sy studentedae.

Ook by dié saamtrek was (links onder) Frances Engels en onder: (dr.) André en Elsa Delport asook Rita en (dr.) Jan Olwagen.

Oud-Matie-paar se vyf seuns studeer gelyk op Stellenbosch

'n Transvaalse Oud-Matie-egpaar, mnr. Tjaart van der Walt en sy vrou, Elise, spog met 'n rekord wat nie maklik geëwenaar kan word nie: vyf seuns wat gelyktydig op Stellenbosch studeer!

Boonop is die vyf Van der Walt-broers sommer volbloed-derdegeslag-Maties, met albei hul oupas en 'n ouma wat reeds op Stellenbosch gestudeer het. Daarby het al vyf Dagbrekers geword net soos pa Tjaart, en net soos hy het die drie oudstes ook reeds Dagbreek-huiskomiteelede geword.

Die vyftal is Pieter (24), 'n finalejaar-teologiestudent; Etienne (23), wat verlede jaar B.Sc. behaal het en nou in die geneeskunde studeer; Tjaart (22), 'n finalejaarstudent in die chemiese ingenieurswese; Pierre (21), eerstejaar en ook 'n tokkelok; en Daneel (19), 'n B.Rekeningkunde-tweedejaar.

Pierre is die enigste wat reeds sy diensplig voltooi het en dus eers vanjaar, 'n jaar na sy jonger broer, Daneel, Stellenbosch toe is. Dit het meegebring dat die vyf slegs vanjaar almal Maties is, omdat Pieter en moontlik ook Tjaart einde vanjaar afstudeer.

Studenteraad

Die twee oudstes loseer van die begin van die jaar af privaat, sodat al vyf nie gelyktydig in Dagbreek kon wees nie. Pieter was in 1987 onderprimarius van die koshuis, terwyl Etienne twee jaar en Tjaart verlede jaar in die huiskomitee gedien het. Tjaart is vanjaar 'n lid van die Studenteraad.

Hy weerspieël sy broers se sienings as hy sê dat hy die koshuislewe op Stellenbosch baie geniet. "En dit is 'n groot voorreg om 'n Dagbreker te wees".

Hulle het almal aan die Hoërskool Riebeeck op Randfontein gematrikuleer. Die vyf broers het saam 21 A-simbole in die matriekeindeksamen behaal. Op Stellenbosch het Etienne in 1985 en Tjaart in 1986 merietetoekennings as beste eerstejaarstudente ontvang. Verlede jaar het Etienne 'n toekenning vir die beste chemie-finalejaarstudent in die land gekry.

Mnr. Tjaart van der Walt (sr.) het in 1958 met B.Sc. en 'n onderwysdiploma aan die US afgestudeer. Hy is later aan die Universiteit van Natal as ingenieur opgelei, het sakeman geword en is besturende direkteur van 'n onderneming op Randfontein. Sy vrou 'n oud-Sonopper, het haar op Stellenbosch as onderwyseres bekwaam. Hulle is baie trots daarop dat al vyf hul kinders Maties is.

Die vyf Van der Walt-broers, Daneel, Etienne, Pierre, Pieter en Tjaart, in Dagbreek se hoofingang.

Mev. Van der Walt se pa, dr. Ettiene Rossouw, Kanselier van die Universiteit van Fort Hare, is self 'n bekende Oud-Matie. Hy is 'n uitgetrede voorsitter van Sasol. Ook sy vrou, Daleen (gebore Loubser), het op Stellenbosch gestudeer. Sy is in 1981 oorlede.

Mnr. Van der Walt (sr.) se pa, mnr. Petrus van der Walt, wat in 1986 oorlede is, was 'n eerstejaar-Matie in 1919 en was 'n klasmaat van dr. H.F. Verwoerd, die latere eerste minister. Mnr. Petrus van der Walt was onder meer skoolhoof op Keimoes en Bredasdorp.

Nog 'n Matie-toevoeging tot die gesin kom vroeg in Desember vanjaar wanneer Pieter met Heidi de Klerk, 'n finalejaar-B.Sc.-Huiskoudkundestudent en inwoner van Minerva, afhaak. □

Die Instituut vir Wiskunde- en Wetenskaponderrig (Iwwous) het modulêre onderwysersgidse vir die onderrig van natuur- en skeikunde (standerds 8-10) opgestel. Die Quality of Life Budget van AECI het die onderneming geborg. Met die oorhandiging van gebonde eksemplare van die gidse aan die borg, die redakteurs en mede-skrywers, en die direkteure van onderwysdepartemente wat die gidse aan hul onderwysers beskikbaar stel, was mnre. S. Vandeyar van AECI, mnr. J. Nel, direkteur van Iwwous, prof. M.J. de Vries, Rektor en Vise-kanselier, en mnre. B. Botha en B. Humphries van AECI.

Spesiale kaart

Sedert die Oud-Matie-kaart – Suid-Afrika se eerste affiniteitskaart – vroeër vanjaar die lig gesien het, het dié spesiale kredietkaart reeds sy aanvanklike verwagtinge oorskry. Dit bewys net weer hoe sterk die verbintenis tussen Oud-Maties en hul Alma Mater is.

Waar dit ook al gebruik word, trek die kaart met sy keurige ontwerp beslis die aandag. Dit is gewis 'n kaart waarop Oud-Maties trots kan wees.

Behalwe al die voordele wat die Oud-Matie-kaart vir gebruikers inhou, betaal Volkskas ook 'n deel van die inkomste wat daarmee verdien word aan die Universiteit, om vir broodnodige projekte te gebruik.

Prof. Mike de Vries, Rektor en Visekanselier (regs) was een van die eerste kaartgebruikers. Hy ontvang sy kaart hier van mnr. Stander Jordaan, Senior Hoofbestuurder van Volkskas, en self 'n Oud-Matie.

Gholfklub

By die Wes-Kaaplandse Oud-Matie-gholfklub se dag vir sakelui was (bo) mnre. Mof Terreblanche en Piet Carinus, dr. Piet Neethling en mnr. Francois Lutz. Regs bo: Mnre. Rob Swannack en Thys de Necker asook drr. Matie Brink en Jan van Heerden.



Natuurstigting se baas het noue bande met US

DR. ALLAN HEYDORN, wat die leisels oorgeneem het by die SA Natuurstigting – een van die belangrikste bewaringsliggame in Suider-Afrika – is 'n lojale Oud-Matie en seun van een van die US-ingenieursfakulteit se vier stigterprofessore, prof. Allan Heydorn.

Prof. Heydorn, wat in 1987 op Stellenbosch oorlede is, was vanaf 1944 professor in wat destyds as elektrotegniese ingenieurswese bekend gestaan het.

Hoewel dr. Heydorn (jr.) ná die verwerwing van sy B.Sc.-graad (1952) in Kaapstad verder gaan studeer en later sy doktorsgraad daar behaal het, sê hy "Stellenbosch is waar my wortels lê. Ek skree nog altyd vir die Maties."

Ná sy studies op Stellenbosch was hy in Kaapstad aan die Seevissery-navorsingsinstituut verbonde, tot hy in 1968 direkteur van die Oseanografiese Navorsingsinstituut in Durban geword het. Hy is in 1978 by die WNNR op Stellenbosch aangestel, om die Eenheid vir Gety-, Riviere Kusnavorsing te bedryf.

Voor sy aanstelling by die SA Natuurstigting het dr. Heydorn in die stigting se wetenskaplike advieskomitee gedien. Die stigting is vanjaar 21 jaar oud. Dr. Anton Rupert het dit in 1968 as die Suider-Afrikaanse arm van die Wêreld-Natuurfonds gestig.

In dié tydperk het die SA Natuurstigting – wat sy hoofkantoor in Dorpstraat, Stellenbosch, het – reeds sowat R40 miljoen vir 250 bewaringsprojekte oral in Suider-Afrika ingesamel. Die stigting het 'n sleutelrol gespeel in die vestiging of uitbreiding van talle parke of reservate. Volgens dr. Heydorn is die stigting se huidige begroting sowat R10 miljoen per jaar. □



U Eksklusiewe Kredietkaart Met Unieke Voordele

Nou is daar 'n eksklusiewe kaart vir Oud-Maties ontwikkel — 'n kredietkaart wat die band tussen u en u Alma Mater bevestig.

Die kaart bied al die voordele van 'n gewone kredietkaart en nog meer, spesiale aanbiedinge en groot pryse wat gewen kan word.

Elke keer wanneer u u Oud-Matiekaart gebruik, baat u en u Alma Mater daarby, want Volkskas Bank het onderneem om 'n deel van die inkomste wat normaalweg op so 'n kredietkaartrekening verdien sal word, aan die Universiteit te skenk.

Doen vandag nog aansoek om u Oud-Matiekaart. Vul die koepon in vir meer besonderhede. Of skakel (012) 21-3121 — en kry die kaart wat u met trots kan aanbied.

Pos hierdie koepon aan: Oud-Matiekaart, Privaatsak X87219, Houghton 2041.

Naam .....

Adres .....

.....

.... Poskode .....

Tel (W) ..... (H) .....

VOLKSKAS BANK

Volkskas Bank Beperk (Geregistreerde Bank) Reg. No. 78/03306/06

Portret
van Jan Six
1654
Rembrandt
van Rijn

Meester-kuns

Meester-smaak

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

RVR 301A